1 Hou 'n dinkskrum met die leerders oor woorde oor veiligheid.
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: gesin, hande vashou, huis ens.
3 Vra aan leerders: Wat laat jou veilig voel?
4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel van iets wat hulle veilig laat voel.
6 Hulle moet sê: Ek voel veilig ...
7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!

## SKRYFWERK

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om 'n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.

## DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hul tekeninge.
3 **Verduidelik dat ons Woensdag meer inligting by ons skrywerk gaan voeg**.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*




## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

**STEL NUWE KLANK BEKEND**

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/uu/**
2. Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord waarin **/uu/** voorkom?
4. Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **duur, vuur, bestuur**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **muur, duur, huur, vuur**
2. Wys elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: uu
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Vra die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

uu uu uu uu

muur muur

duur duur

huur huur

vuur vuur

Die skuur se muur is wit.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute


### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER / MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Bly veilig Lesego!<br><br>Vroeg een Saterdagoggend gaan kuier Lesego se ma by 'n vriendin. Sy groet Lesego en Mapule met 'n drukkie. "Wees veilig. Onthou, julle moet die hele dag bymekaar bly. As julle winkels toe gaan, moet julle langs die straat loop en nie in die gangetjies tussen die huise nie! En julle gaan nie naby die kroeg nie!" | -- |
| Laat die middag roep Ntate Thapelo, Lesego'hulle se buurman, haar nader. Hy hou geld na haar. "Gaan asseblief na die winkel agter die kroeg en koop vir my pap en vleis," sê hy. "jy kan oppad soontoe vir jou lekkers koop." | **Ek wonder** of Lesego wel sal gaan om die kos vir Ntate Thapelo te koop. |
| Lesego dink daaraan om vir Mapule te roep om saam met haar te loop, maar sy wil nie die geld vir die lekkergoed met haar suster deel nie! | Lesego weet sy is nie veronderstel om alleen te gaan nie! Sy weet ook sy mag nie naby die kroeg gaan nie! **Ek wonder** of Lesego vir haar ma gaan luister? |
| Dit was besig om laat te word, maar Lesego het gedink as sy gou maak sal sy terug **wees** by die huis **voordat** haar ma **terug is**. Dan sal haar ma nooit weet nie. Lesego neem die geld by Ntate. "Ek het die winkel gebel. My kos sal gereed wees wanneer jy daar kom!" sê Ntate Thapelo en glimlag. | **Ek wonder** of Lesego terug by die huis sal wees **voordat** haar ma daar terug is? |
| Lesego druk die geld in haar sak en begin na die winkel hardloop. Lesego se ma het haar gewaarsku om altyd langs die pad te bly wanneer sy winkels toe gaan, maar dit is baie vinniger om die pad deur die gangetjies na die winkels te neem! Sy dink as sy deur die gangetjies loop, sal sy voor haar ma by die huis wees. Dan sal haar ma nooit weet nie. | **Ek wonder** hoe sal Lesego se ma voel as sy sien hoe Lesego alleen deur die gangetjies hardloop? |
| Toe Lesego uiteindelik die kroeg sien, hardloop sy deur 'n klein gangetjie om by die winkel te kom. Sy gaan na die toonbank. "Ek is hier vir Ntate Thapelo se bestelling," sê sy en gee die geld. | **Ek wonder** hoe Lesego se ma sal voel as sy vir Lesego op haar eie so naby aan die kroeg sou sien. |
| Toe Lesego omdraai om te gaan, staan daar drie mans in die nou gangetjie. Hulle staar na haar. Sy voel bang. "Ek dink ek weet nou waarom mamma sê ons moenie naby die kroeg kom nie," dink sy. | **Ek wonder** of dit die eerste keer is dat iets skrikkerigs met Lesego naby die kroeg gebeur? |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Lesego gebruik die kleingeld om vir haarself lekkers te koop by die winkeltjie. Dit gaan binnekort donker wees. | -- |
| Sy hardloop deur die gangetjies, om voor donker en voor haar ma by die huis kom tuis te wees. Soos sy hardloop, roep 'n jong man, "Kom hier meisie! Kom gesels met my!" sê hy. Lesego voel bang. "Ek dink ek weet nou hoekom mamma gesê het ek moenie deur die gangetjies loop nie," dink sy en hardloop vinniger. | **Ek wonder** of dit die eerste maal is dat iets skrikkerigs met Lesego in die gangetjies gebeur? |
| Toe sy uiteindelik by die huis kom, wag Ntate Thapelo vir haar. "Is my ma al by die huis? Het jy haar gesien?" vra Lesego benoud. "Nee, ek het haar nog nie gesien nie," sê Ntate. Lesego slaak 'n sug van verligting. | -- |
| Terwyl Lesego op die stoep sit en haar lekkers eet, neem sy 'n besluit. Sy besluit self dat sy nooit weer alleen naby die kroeg sal gaan nie of in die gangetjies gaan hardloop nie. | **Ek kan aflei** dat Lesego nou sien dat sy in gevaar was. Sy weet nou daar kon erger dinge met haar gebeur as net haar ma wat sou kwaad wees! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Waarheen het Ntate Thapelo vir Lesego gevra om te gaan? | Hy het haar gevra om na die winkel agter die kroeg te gaan om sy kos te gaan haal. |
| Waarheen het Lesego se ma haar gevra om nie te gaan nie? | Sy het haar gewaarsku om nie in die gangetjies of naby die kroeg te gaan nie. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Lesego na die kroeg gegaan, selfs al het haar ma haar gewaarsku om nie te gaan nie? | • Omdat sy nie gedink het enige iets gevaarlik kan gebeur nie.<br>• Omdat sy graag wou lekkers kry!<br>• Omdat Ntate Thapelo haar gevra het om sy kos by die winkel te gaan haal.<br>• Omdat sy besluit het haar ma sal moontlik nooit weet nie! |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute


### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - waarsku
   - waarskuwing
   - gang

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Kruis en dwars loop ons deur die dorp, | *Loop aksie* |
| Verby die kerk, skool en poskantoor | *Loop aksie* |
| Gooi 'n koevert in die posbus | *Maak of jy koevert in posbus gooi* |
| In by die slaghuis, | *Loop aksie* |
| Nou is ek lus vir 'n stukkie vleis! | *Vryf jou magie* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 1 VAN DIE TEMA)

1. Verdeel leerders in hul klein groepe
2. Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3. Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4. Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5. Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6. Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7. Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8. Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

**STEL KLANK BEKEND**

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/oe/**
2. Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Bespreek die klank **/oe/** – is die klank dieselfde of verskillend in huistaal as Engels.
4. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat waarin **/oe/** voorkom?
5. Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv. **: besoek, bloed, gevoel**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **koek, roes, boek, soet**
2. Wys elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **oe**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Vra dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Vra daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

oe oe oe oe

koek koek

roes roes

boek boek

soet soet

Ek bak 'n koek.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________

Woorde: ______________________

______________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor iets wat jou veilig laat voel, en iets wat jou onveilig laat voel.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK:**

**Ek voel veilig…**

**Ek voel onveilig….**

#### DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag 'n sin by Maandag se skryfwerk gaan voeg.
2 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor iets gaan skryf wat hulle onveilig laat voel.
3 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
4 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek voel onveilig as ek alleen in die donker moet loop.
5 **Demonstreer** deur 'n prent van jouself wat alleen loop in die aand te teken.
6 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Ek voel onveilig as ek alleen in die aand moet loop.
7 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Hou 'n dinkskrum oor woorde oor onveilig voel met die leerders.
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: alleen, donker, verdwaal, nag, ens
3 Vra aan leerders: Wat laat jou onveilig voel?
4 Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
5 Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel van iets wat hulle onveilig laat voel.
6 Hulle moet sê: Ek voel onveiling ...........
7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hulle eie idees gaan neerskryf en teken.


#### SKRYFWERK

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om 'n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.

**DRAAI EN PRAAT**

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hul tekeninge.


*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek voel veilig as ek by die skool is.



Ek voel onveilig as ek alleen by die huis is.



## Groep Begeleide Lees

30 minute



**GROEPE:** ______________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
2. Verduidelik Woensdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentasie En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **muur**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/m/-/uu/-/r/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/m/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/uu/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/r/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **muur**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/m/-/uu/-/r/ = muur**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **koek**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **vuur**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/v/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/uu/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/r/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/v/-/uu/-/r/**
7 Skryf die woord: **vuur**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/v/-/uu/-/r/ = vuur**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **boek**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeelde Lees: 15 minute


## Herhaalde Lees

### LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Bly veilig Lesego!<br><br>Vroeg een Saterdagoggend gaan kuier Lesego se ma by 'n vriendin. Sy groet Lesego en Mapule met 'n drukkie. "Wees veilig. Onthou, julle moet die hele dag bymekaar bly. As julle winkels toe gaan, moet julle langs die straat loop en nie in die gangetjies tussen die huise nie! En julle gaan nie naby die kroeg nie!" | -- |
| Laat die middag roep Ntate Thapelo, Lesego hulle se buurman, haar nader. Hy hou geld uit na haar. "Gaan asseblief na die winkel agter die kroeg en koop vir my pap en vleis," sê hy "jy kan oppad soontoe vir jou lekkers koop." | -- |
| Lesego dink daaraan om vir Mapule te roep om saam met haar te loop, maar sy wil nie die geld vir die lekkergoed met haar suster deel nie! | Ek kan **aflei** dat Lesego regtig lus is vir lekkers! |
| Dit was besig om laat te word, maar Lesego het gedink as sy gou maak sal sy terug by die huis wees voor haar ma kom. Dan sal haar ma nooit weet nie. Lesego neem die geld by Ntate. "Ek het die winkel gebel. My kos sal gereed wees wanneer jy daar kom!" sê Ntate Thapelo en glimlag. | Lesego is net bekommerd dat haar ma sal uitvind sy het die reëls verbreek. Sy dink nie daaraan dat sy onveilig is nie! |
| Lesego druk die geld in haar sak en begin na die winkel hardloop. Lesego se ma het haar gewaarsku om altyd langs die pad te bly wanneer sy winkels toe gaan, maar dit is baie vinniger om die pad deur die gangetjies na die winkels te neem! Sy dink as sy deur die gangetjies loop, sal sy voor haar ma by die huis wees. Dan sal haar ma nooit weet nie. | Lesego is net bekommerd dat haar ma kwaad gaan wees. Ek kan **aflei** dat sy nie dink iets slegs kan met haar gebeur nie. |
| Toe Lesego uiteindelik die kroeg sien, hardloop sy deur 'n klein gangetjie om by die winkel te kom. Sy gaan na die toonbank. "Ek is hier vir Ntate Thapelo se bestelling," sê sy en gee die geld. | -- |
| Toe Lesego omdraai om te gaan, staan daar drie mans in die nou gangetjie. Hulle staar na haar. Sy voel bang. "Ek dink ek weet nou hoekom mamma sê ons moenie naby die kroeg kom nie," dink sy. | Lesego voel bang. Sy moet sien dat iets slegs naby die kroeg kan gebeur. |

| **Teks** | **Herhaalde lees (Dink hardop)** |
|---|---|
| Lesego gebruik die kleingeld om vir haarself lekkers te koop by die winkeltjie. Dit gaan binnekort donker wees. | -- |
| Sy hardloop deur die gangetjies, om te probeer, om voor donker en voor haar ma by die huis kom tuis te wees. Soos sy hardloop, roep 'n jong man, "Kom hier meisie! Kom gesels met my!" sê hy. Lesego voel bang. "Ek dink ek weet nou hoekom mamma gesê het ek moenie deur die gangetjies loop nie," dink sy en hardloop vinniger. | Lesego voel baie bang. Sy moet sien dat iets rêrig skrikkerigs in die gangetjies kan gebeur! |
| Toe sy uiteindelik by die huis kom, wag Ntate Thapelo vir haar. "Is my ma al by die huis? Het jy haar gesien?" vra Lesego benoud. "Nee, ek het haar nog nie gesien nie," sê Ntate. Lesego slaak 'n sug van verligting. | Ek kan **aflei** dat Lesego bly is dat haar ma nie weet sy het die reëls verbreek nie! |
| Terwyl Lesego op die stoep sit en haar lekkers eet, neem sy 'n besluit. Sy besluit self dat sy nooit weer alleen naby die kroeg sal gaan nie of in die gangetjies gaan hardloop nie. | Selfs al weet Lesego se ma nie, besluit Lesego om nie weer die reëls te breek nie. Ek kan **aflei** dat Lesego nou verstaan hoekom haar ma haar gewaarsku het! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Waar het Lesego vir haarself lekkers gekoop? | Sy het lekkers by die klein winkeltjie gekoop. |
| Wat het Lesego aan die einde van die storie besluit? | Sy het besluit sy sal nooit weer naby die kroeg gaan of in die gangetjies hardloop nie. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Lesego besluit sy sal nooit weer naby die kroeg gaan of in die gangetjies hardloop nie? | • Omdat sy bang was toe sy naby die kroeg was.<br>• Omdat sy bang was toe sy deur die gangetjies huis toe gehardloop het.<br>• Omdat sy nou kon sien iets slegs kon met haar gebeur het! |



## Groep Begeleide Lees

30 minute



**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- verlig
- sug van verligting
- besluit

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Kruis en dwars loop ons deur die dorp, | *Loop aksie* |
| Verby die kerk, skool en poskantoor | *Loop aksie* |
| Gooi 'n koevert in die posbus | *Maak of jy koevert in posbus gooi* |
| In by die slaghuis, | *Loop aksie* |
| Nou is ek lus vir 'n stukkie vleis! | *Vryf jou magie* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie...
Ek het geleer dat...
Ek kan aflei dat Lesego bang was, omdat...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Vra aan die leerders om elkeen 'n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **Uu** | **Oe** | **r** |
| **M** | **D** | **k** |
| **B** | **S** | **h** |
| **T** | **V** | **a** |

**EK DOEN...**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/uu/** en **/oe/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel moontlik woorde te maak, deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om ’n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/m/-/uu/-/r/ = muur**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/uu/ of /oe/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak, bv: **/k/-/a/-/t/ = kat**

**LEERDERS DOEN...**


1 Vra aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die opskrif te skryf: **uu, oe**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **muur, duur, huur, vuur, koek, roes, boek, soet, kat, dam, kam, bak**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________



## Gedeelde Lees: 15 minute


### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: OPSOMMING**

**MONDELINGE OORVERTEL VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan praat oor die storie. Waarvan het hulle **nie** gehou in die storie nie. Bly veilig Lesego!
2. Demonstreer hoe om in 1 tot 2 sinne te vertel van twee dinge wat in die storie gebeur het. Bv: Eers het Lesego na die winkels toe gehardloop. Daarna het sy kos vir Ntate Thapelo gekry.
3. Hou die Grootboek op en wys na die prente in die boek. Die leerders moet na die prente kyk en dink wat gebeur het.
4. Vertel die leerders om te dink oor wat in die storie gebeur het.
5. Vra 2 – 3 leerders om hulle idees met die klas te deel. Help hulle om volledige sinne te gee.
6. Verduidelik en korrigeer algemene foute wat die leerders maak in hulle sinne.
7. Gee die leerders die opdrag om te **draai en te praat** met 'n maat en **in hulle eie woorde te vertel wat in die storie gebeur het.**

(**Die leerders moet hulle eie idees** gee **en nie 'n herhaling van wat die onderwyser gesê het nie.**)



## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1.**
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 1

## TERMYN 3

# Week 2

# TEMA:

## In die dorp

## Voorbereiding Van Klaskamer:

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: Prente van verskillende dorpe.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor belangrike mense in jou dorp.
6. Maak seker dal alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 6, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 7–9, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 10, Ons lees

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van ’n belangrike persoon in jou dorp.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders 'n prent van mense wat die strand skoon maak in die Grootboek storie: <u>Totsiens plastiek sakke!</u>
2. Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: <u>In die dorp</u>
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - a. Wat is veilig in die dorp?
   - b. Wat is onveilig in die dorp?
   - c. Waarvan hou jy in jou dorp?
   - d. Wat wens jy was anders in jou dorp?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - plastiek
   - rommel
   - verban

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Kruis en dwars loop ons deur die dorp, | *Loop aksie* |
| Verby die kerk, skool en poskantoor | *Loop aksie* |
| Gooi 'n koevert in die posbus | *Maak of jy koevert in posbus gooi* |
| In by die slaghuis, | *Loop aksie* |
| Nou is ek lus vir 'n stukkie vleis! | *Vryf jou magie* |

## Handskrif

15 minute

1. Vra die leerders om hulle skrifte oop te maak.
2. Sê die volgende woorde sodat die leerders dit kan neerskryf
   - a. **muur**
   - b. **duur**

- c **huur**
- d **vuur**
- e **koek**
- f **roes**
- g **boek**
- h **soet**

3 Vra aan die leerders om 'n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.

4 Skryf die klanke en woorde op die swartbord.

5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Totsiens plastiek sakke!
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor iets waarvan jy sal van hou om te doen om jou dorp of gemeenskap 'n beter plek te maak

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK:** Ek kan my gemeenskap verbeter deur...

## DEMONSTRASIE

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor iets gaan skryf wat hulle sal wil doen om hulle gemeenskap te verbeter.
2. **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
3. Verduidelik aan die leerders jou idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek sal my gemeensakp wil verbeter deur my bure van herwinning te leer. Ek kan ook vir almal herwinningsblikke gee. Ek wens mense wil nie herwinbare goed weggooi nie!
4. **Demonstreer** deur 'n prent van jou wat jou bure van herwinning leer te teken.
5. Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Ek sal my gemeenskap wil verbeter deur my bure van herwinning te leer.
6. Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

## MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Hou 'n dinkskrum met die leerders oor woorde oor gemeenskap verbetering.
2. Skryf die woorde op die swartbord, bv.:rommel, vullisblik, herwinningsblik, bou, skoon, ens
3. Vra aan leerders: Wat sal julle in julle gemeenskappe wil verbeter?
4. Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5. Vra 2–3 leerders om jou te vertel van goed wat hulle kan doen om hulle gemeenskappe te verbeter.
6. Hulle moet sê: Ek kan my gemeenskap verbeter deur....
7. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!

## SKRYFWERK


1. Deel leerders se boeke uit.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3. Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4. Help leerders om 'n sin te skryf.
5. Moedig leerders aan.

## DRAAI EN PRAAT

1. Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2. Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hul tekeninge.
3. **Verduidelik dat ons Woensdag meer inligting by ons skrywerk gaan voeg**.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
2. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

**STEL NUWE KLANK BEKEND**

1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/ie/**
2 Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3 Bespreek die klank **/ie/** is die klank dieselfde of verskillend in Engels as huistaal.
4 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan ’n woord waarin **/ie/** voorkom?
5 Hou ’n dinkskrum met die leerders, bv.: **aktief, brief, tien**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **sien, tier, dier, vier, bier**
2 Wys elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde na jou te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 **Leer leerders hoe om** klein letter**(s) korrek te vorm: ie**
2 **Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.**
3 Vra **dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.**
4 Vra **daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.**
5 **Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.**
6 **Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.**
7 **Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin <u>onderstreep</u>.**

ie ie ie ie

sien sien

tier tier

dier dier

vier vier

bier bier

Ons sien 'n tier.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

# Gedeelde Lees: Aanvangslees

15 Minute




**BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER / MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Totsiens Plastiek sakke!<br>*Een artikel lui:*<br>*Melati en Isabel Wijsen het begin met Totsiens Plastieksakke op die ouderdom van 10 en 12, nadat hulle geinspireer is op skool na 'n les oor belangrike mense, soos Nelson Mandela, Prinses Diana en Mahatma Gandhi. Die susters het huis toe gegaan en hulself afgevra, "Wat kan ons as kinders wat in Bali woon, NOU, doen om 'n verskil te maak?" Totsiens Plastieksakke is gestig in 2013 en het nou al gegroei tot 'n bekende internasionale beweging wat mense inspireer en die jeug bemagtig en natuurlik NEE sê vir plastieksakke. (Toegang April 2020: http://www.byebyeplasticbags.org/team/)*<br>*'n Ander artikel lui:*<br>*Melati en Isabel Wijsen was net onderskeidelik 10 en 12 toe hulle begin het met 'n beweging van aktivisme wat die wêreldgebruik van plastiek vir eenmalige gebruik drasties verminder het. Die jong vrouens is in 2008 geïnspireer deur die land van Rwanda se verbod op poliëtileensakke, en het besluit om in hul tuisdorp, Bali, te probeer om dieselfde te doen. Hul inisiatief van strandopruimings en regerings-petisies het gelei tot organisasies wat pleit vir verminderde plastiekgebruik in 15 verskillende lande. Bali is amptelik plastieksak vry, en Indonesië sal teen 2021 wees, met die Wijsen-susters om te bedank. (Toegang tot April 2020:*<br>*https://www.goodhousekeeping.com/life/inspirational-stories/g5188/kids-who-changed-the-world/?slide=1)* | Hierdie storie is gebasseer op 'n ware verhaal. Hierdie is 'n paar feite wat ons sal help om die storie wat ons lees beter te verstaan. |
| "Hoe was skool vandag?" vra mnr. Wijsen sy dogters, soos wat hy elke aand doen.<br>"Vandag in my klas het ons van Nelson Mandela geleer," antwoord Melati. "Hy het geglo hy kan die wêreld 'n beter plek maak." "Ons leer van besoedeling in my klas," verduidelik Isabel. "Pappa, het jy geweet plastiek besoedel die see en maak diere dood? Ons het vandag van Rwanda geleer. Hulle het plastieksakke verban om te help om die planeet te red." | -- |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Saterdag gaan, Melati en Isabel na die strand. Hul speel in die golwe. Isabel sien dat daar plastiek in die water dryf. | Ek **wonder** of dit die eerste keer is dat Isabel sien dat daar plastiek in die water dryf? |
| Hulle loop teen die strand af, op soek na skulpe. Isabel sien hoe plastiek die strand besoedel. "Daar is soveel plastiek wat ons strand besoedel!" sê Isabel vir haar suster, "ek het dit nooit vantevore raakgesien nie."<br><br>"Miskien moet ons die plastiek optel, in plaas van skulpe!" sê Melati. "Ons kan help om die wêreld 'n beter plek te maak, net soos Nelson Mandela."<br><br>Isabel en Melati spandeer die res van die middag om plastiek op te tel wat die strand besoedel. | Ek **dink** dat Isabel die plastiek op die strand opgelet het, want sy het sopas geleer van besoedeling. |
| "Kyk! Ons het besluit om die strand skoon te maak!" verduidelik Isabel toe hulle uiteindelik by hulle handdoeke uitkom.<br><br>"Wat 'n briljante gedagte!" merk hul pa op.<br><br>"Stel jouself voor hoe ons wêreld sal lyk sonder plastiek!" roep hul ma uit.<br><br>Melati kyk teen die strand af en probeer om hul strand sonder gemors voor te stel. "Kom ons kry ons vriende om ons te kom help om volgende Saterdag die strand skoon te maak!" sê Melati. | Ek maak die **afleiding** dat Melati geinspireer was deur wat sy van Nelson Mandela geleer het. Sy wil die wêreld 'n beter plek maak, net soos hy. |
| Gedurende die week, organiseer Melati en Isabel hul strand-skoonmaaksessie. Eerste het hul ma hul gehelp om al hulle vriende te bel. Toe het Melati 'n pamflet gemaak om te gee aan al die kinders by die skool.<br><br>Uiteindelik het Isabel met die skoolhoof gepraat, hy het ingestem om haar 'n afkondiging tydens die saalperiode te laat maak. | **--** |
| Die oggend van die strand-skoonmaaksessie, daag Isabel en Melati vroeg op by die vergaderplek. Hulle kyk opgewonde na mekaar soos hulle vriende, klasmaats, onderwysers en selfs hulle skoolhoof bymekaarkom om die strand skoon te maak.<br><br>Isabel gee opdrag aan verskillende groepe mense om verskillende dele van die strand skoon te maak. Op daardie manier, word geen deel van die strand met gemors gelos nie. Toe begin almal werk. | Isabel het geleer van besoedeling en Melati het geleer hoe om die wêreld te verander. Nou, het hulle hulle wêreld verander deur die strand skoon te maak! Ek maak die **afleiding** dat hulle mooi geluister het na wat hulle in die skool geleer het. |
| Teen die einde van die dag, is die strand silwerskoon. Ons het dit gedoen!" sê Melati, terwyl sy kyk na die hoop rommel wat hulle opgetel het. | -- |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Die volgende naweek, toe Melati en Isabel strand toe gaan, was daar meer gemors. Hul speel in die golwe. Hulle sien dat daar nog plastiek in die water dryf. | **--** |
| Hulle loop teen die strand af, op soek na skulpe. Hulle sien weer hoe plastiek die strand besoedel. "Daar is soveel plastiek wat op ons strand uitspoel!" sê Isabel vir haar suster, "ek het dit nooit vantevore besef nie." | Ek maak die **afleiding** dat totdat daar minder plastiek in die wêreld is, sal hulle strand nie skoon bly nie! |
| "Kom ons kry weer al ons vriende om ons te help om die strand skoon te maak!" sê Melati.<br><br>"Ek dink ons moet gereelde strand-skoonmaaksessies hê" stem Isabel saam. "Miskien een maal per maand? Ek dink nie dit is genoeg nie. Ek dink ons moet probeer dat Indonesië alle plastiesakke verban – net soos Rwanda. Ons kan nie net die heel tyd skoonmaak nie – ons moet help om die probleem op te los!" "'Net soos Nelson Mandela!" stem Melati saam. "Totsien vir ewig plastieksakke!" | Ek **dink** Melati en Isabel wil seker maak die strande is skoner deur seker te maak daar is minder plastiek in die wêreld! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat het Melati en Isabel gedoen in plaas van skulpe optel? | Hulle het rommel opgetel in plaas van skulpe. |
| Wat het Melati en Isabel georganiseer? | Hulle het 'n strand-skoonmaaksessie georganiseer. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Melati en Isabel besluit om 'n strand-skoonmaaksessie te organiseer? | • Omdat hulle in die skool geleer het van besoedeling en hoe om die wêreld te verander.<br>• Omdat hulle plastiek op hulle strand gesien het en wou skoonmaak.<br>• Omdat hulle omgegee het om hulle gemeenskap 'n beter plek te maak. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute




**TEMA WOORDESKAT**

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- strooibiljet
- organiseer
- versamel

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Kruis en dwars loop ons deur die dorp, | *Loop aksie* |
| Verby die kerk, skool en poskantoor | *Loop aksie* |
| Gooi 'n koevert in die posbus | *Maak of jy koevert in posbus gooi* |
| In by die slaghuis, | *Loop aksie* |
| Nou is ek lus vir 'n stukkie vleis! | *Vryf jou magie* |

**KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 2 VAN DIE TEMA)**

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

#### STEL KLANK BEKEND

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/ui/**
2. Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Bespreek die klank **/ui/** is die klank dieselfde of verskillend in Engels as huistaal.
4. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord waarin **/ui/** voorkom?
5. Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv. **: bruid, duif, gebruik**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **lui, huis, ruit, muis**
2. Wys elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde na jou te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

______________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **ui**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Vra dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Vra daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin <u>onderstreep</u>.

ui ui ui ui

lui lui

huis huis

ruit ruit

muis muis

My huis se ruit is gebreek.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor iets waarvan jy sal van hou om te doen om jou dorp of gemeenskap 'n beter plek te maak

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK:**

Ek kan my gemeenskap verbeter deur...

Dit sal help om ....

#### DEMONSTRASIE

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag 'n sin by Maandag se skryfwerk gaan voeg.
2. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag gaan skryf oor hoe hulle idee hulle gemeenskap sal help.
3. Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
4. **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
5. Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: My idee is om die gemeenskap van herwinning te leer. Ek dink dit sal my hele gemeenskap asook die aarde help, want dit sal rommel verminder.
6. **Demonstreer** deur goed by jou prent by te voeg, soos: 'n vol herwinningsblik en 'n asblik wat net die helfte vol is.
7. Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Dit sal help om die aarde skoon te maak.
8. Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Hou 'n dinkskrum oor lede van 'n gemeenskap met die leerders.
2. Skryf die woorde op die swartbord, bv.: almal, kinders, bure, diere ens.
3. Vra aan leerders: Hoe sal jou idee wat jy Maandag neergeskry het, jou gemeenskap help?
4. Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
5. Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel hoe hulle idee hulle gemeenskap sal help.
6. Hulle moet sê: Dit sal help om....
7. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hulle eie idees gaan neerskryf en teken!


## SKRYFWERK

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om ’n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.

## DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en te praat** met ’n maat oor hul tekeninge.


*Hang leerders se skryfwerk op leerder* ***ooghoogte*** *in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek kan my omgewing verbeter as ek rommel optel.



Dit kan help om die strate skoon te maak.



## Groep Begeleide Lees

30 minute



**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentasie En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **sien**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/s/-/ie/-/n/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/s/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/ie/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/n/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **sien**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/s/-/ie/-/n/ = sien**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **huis**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **vier**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/v/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/ie/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/r/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/v/-/ie/-/r/**
7 Skryf die woord: **vier**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/v/-/ie/-/r/ = vier**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **ruit**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeelde Lees: 15 minute

## Herhaalde Lees


**LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Totsiens plastiek sakke!<br><br>*Een artikel lui:*<br><br>*Melati en Isabel Wijsen het begin met Totsiens Plastieksakke op die ouderdom van 10 en 12, nadat hulle geinspireer is op skool na 'n les oor belangrike mense, soos Nelson Mandela, Prinses Diana en Mahatma Gandhi. Die susters het huis toe gegaan en hulself afgevra, "Wat kan ons as kinders wat in Bali woon, NOU, doen om 'n verskil te maak?" Totsiens Plastieksakke is gestig in 2013 en het nou al gegroei tot 'n bekende internasionale beweging wat mense inspireer en die jeug bemagtig en natuurlik NEE sê vir plastieksakke. (Toegang April 2020: http://www.byebyeplasticbags.org/team/)*<br><br>*'n Ander artikel lui:*<br><br>*Melati en Isabel Wijsen was net onderskeidelik 10 en 12 toe hulle begin het met 'n beweging van aktivisme wat die wêreldgebruik van plastiek vir eenmalige gebruik drasties verminder het. Die jong vrouens is in 2008 geïnspireer deur die land van Rwanda se verbod op poliëtileensakke, en het besluit om in hul tuisdorp, Bali, te probeer om dieselfde te doen. Hul inisiatief van strandopruimings en regerings-petisies het gelei tot organisasies wat pleit vir verminderde plastiekgebruik in 15 verskillende lande. Bali is amptelik plastieksak vry, en Indonesië sal teen 2021 wees, met die Wijsen-susters om te bedank. (Toegang tot April 2020:*<br><br>*https://www.goodhousekeeping.com/life/inspirational-stories/g5188/kids-who-changed-the-world/?slide=1)* | |
| "Hoe was skool vandag?" vra mnr. Wijsen sy dogters, soos wat hy elke aand doen. | Ek onthou dat Melati en Isabel strand-skoonmaaksessies georganiseer het en gehelp het om plastieksakke in hul land, Indonesië, te verban. Ek maak die afleiding dat hul graag die wêreld 'n beter plek wil maak! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| "Vandag in my klas het ons van Nelson Mandela geleer," antwoord Melati. "Hy het geglo hy kan die wêreld 'n beter plek maak." "Ons leer van besoedeling in my klas," verduidelik Isabel. "Pappa, het jy geweet plastiek besoedel die see en maak diere dood? Ons het vandag van Rwanda geleer. Hulle het plastieksakke verban om te help om die planeet te red." | |
| Saterdag gaan, Melati en Isabel na die strand. Hul speel in die golwe. Isabel sien dat daar plastiek in die water dryf. | -- |
| Hulle loop teen die strand af, op soek na skulpe. Isabel sien hoe plastiek die strand besoedel. "Daar is soveel plastiek wat ons strand besoedel!" sê Isabel vir haar suster, "ek het dit nooit vantevore raakgesien nie."<br>"Miskien moet ons die plastiek optel, in plaas van skulpe!" sê Melati. "Ons kan help om die wêreld 'n beter plek te maak, net soos Nelson Mandela."<br>Isabel en Melati spandeer die res van die middag om plastiek op te tel wat die strand besoedel. | Ek maak die **afleiding** dat Melati en Isabel omgee vir hulle gemeenskap, want hulle spandeer die hele dag om skoon te maak. |
| "Kyk! Ons het besluit om die strand skoon te maak!" verduidelik Isabel toe hulle uiteindelik by hulle handdoeke uitkom.<br>"Wat 'n briljante gedagte!" merk hul pa op.<br>"Stel jouself voor hoe ons wêreld sal lyk sonder plastiek!" roep hul ma uit.<br>Melati kyk teen die strand af en probeer om hul strand sonder gemors voor te stel. "Kom ons kry ons vriende om ons te kom help om volgende Saterdag die strand skoon te maak!" sê Melati. | Ek **dink** dat Melati en Isabel omgee om die wêreld beter te maak, want hul wil die strand vir almal skoonmaak. Die strand behoort nie aan hulle nie! |
| Gedurende die week, organiseer Melati en Isabel hul strand-skoonmaaksessie. Eerste het hul ma hul gehelp om al hulle vriende te bel. Toe het Melati 'n pamflet gemaak om te gee aan al die kinders by die skool.<br>Uiteindelik het Isabel met die skoolhoof gepraat, hy het ingestem om haar 'n afkondiging tydens die saalperiode te laat maak. | Ek **dink** hul het baie werk ingesit in die beplanning en organisasie van die strand-skoonmaaksessie. |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Die oggend van die strand-skoonmaaksessie, daag Isabel en Melati vroeg op by die vergaderplek. Hulle kyk opgewonde na mekaar soos hulle vriende, klasmaats, onderwysers en selfs hulle skoolhoof bymekaarkom om die strand skoon te maak.<br><br>Isabel gee opdrag aan verskillende groepe mense om verskillende dele van die strand skoon te maak. Op daardie manier, word geen deel van die strand met gemors gelos nie. Toe begin almal werk. | Ek maak die **afleiding** dat Isabel en Melati bedagsaam en georganiseerd is, want hulle maak seker dat die groepe die hele strand dek. |
| Teen die einde van die dag, is die strand silwerskoon. Ons het dit gedoen!" sê Melati, terwyl sy kyk na die hoop rommel wat hulle opgetel het. | Ek maak die **afleiding** dat hulle regtig omgee om hul gemeenskap skoon te maak, want hulle voel trots oor al die rommel wat hulle opgetel het. |
| Die volgende naweek, toe Melati en Isabel strand toe gaan, was daar meer gemors. Hul speel in die golwe. Hulle sien dat daar nog plastiek in die water dryf. | -- |
| Hulle loop teen die strand af, op soek na skulpe. Hulle sien weer hoe plastiek die strand besoedel. "Daar is soveel plastiek wat op ons strand uitspoel!" sê Isabel vir haar suster, "ek het dit nooit vantevore besef nie." | -- |
| "Kom ons kry weer al ons vriende om ons te help om die strand skoon te maak!" sê Melati.<br><br>"Ek dink ons moet gereelde strand-skoonmaaksessies hê" stem Isabel saam. "Miskien een maal per maand? Ek dink nie dit is genoeg nie. Ek dink ons moet probeer dat Indonesië alle plastiesakke verban – net soos Rwanda. Ons kan nie net die heel tyd skoonmaak nie – ons moet help om die probleem op te los!" "'Net soos Nelson Mandela!" stem Melati saam. "Totsien vir ewig plastieksakke!" | Wanneer ek lees van al Isabel en Melati se harde werk, maak ek die **afleiding** dat hulle graag probleme in hul gemeenskap wil oplos en 'n regte verandering maak. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Hoe het Melati en Isabel hul gemeenskap gehelp? | • Hulle het hulle gemeenskap gehelp deur die strand skoon te maak.<br>• Hulle het hulle gemeenskap gehelp deur 'n strand-skoonmaaksessie te organiseer.<br>• Hulle het hulle gemeenskap gehelp deur te veg vir die verbanning van plastieksakke. |
| Deur watter land is Isabel geinspireer? | Sy is geinspireer deur Rwanda, want hulle het plastieksakke verban. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Watter tipe mense dink jy is Melati en Isabel? | • Ek dink Melati en Isabel is …want… |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
2 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
6 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute



### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - geïnspireer
   - versamel
   - gemeenskap

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Kruis en dwars loop ons deur die dorp, | *Loop aksie* |
| Verby die kerk, skool en poskantoor | *Loop aksie* |
| Gooi 'n koevert in die posbus | *Maak of jy koevert in posbus gooi* |
| In by die slaghuis, | *Loop aksie* |
| Nou is ek lus vir 'n stukkie vleis! | *Vryf jou magie* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In hierdie storie........
Ek kan die **afleiding** maak dat Melati en Isabel vir hulle gemeensakp omgee want....
Ek dink Melati en isabel is...want...
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **ie** | **Ui** | **r** |
| **n** | **S** | **t** |
| **d** | **V** | **l** |
| **h** | **M** | **e** |

#### EK DOEN

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/ie/** en **/ui/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om ’n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/s/-/ie/-/n/ = sien**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/ie/ of /ui/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak, bv: **/n/-/e/-/t/ = net**

#### LEERDERS DOEN…


1 Vra leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die opskrif te skryf: **ie, ui**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **sien, tier, dier, vier, bier, lui, huis, ruit, muis, net, hen, het, lem**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________



## Gedeelde Lees: 15 minute


### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: OPSOMMING / AFLEIDINGS**

**MONDELINGE OORVERTEL VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle oor iets waarvan hulle in die storie: Totsiens Plastiek sakke! gehou het gesels.
2. Hulle sal ook praat oor ’n **afleiding** wat hulle oor die karakters Melati en Isabel kan maak.
3. D**emonstreer** hoe om in 1 tot 2 sinne te vertel **van iets waarvan hulle** hou en ’n **afleiding** maak, soos: **Ek hou daarvan dat** Melati en Isabel geïnspireer was om die strand skoon te maak deur dit wat hulle by die skool geleer het. Ek **maak die afleiding** dat Melati en Isabel baie hulpvaardig was want hulle wou die strand vir die hele gemeenskap skoonmaak, nie net vir hulself nie.
4. Hou die Grootboek oop en wys na die prente in die boek. Vertel die leerders om te dink oor wat in die storie gebeur het.
5. Gee leerders instruksie om te dink waarvan hulle in die storie **gehou het** en ’n **afleiding** te maak oor die karakters in die storie Totsiens plastiek sakke!
6. Vra 2 – 3 leerders om hulle idees met die klas te deel. **Help** hulle om volledige sinne te gee.
7. Verduidelik en korrigeer algemene foute wat die leerders maak in hulle sinne.
8. Gee die leerders die opdrag om te **draai en te praat** met ’n maat en **<u>in hulle eie woorde te vertel</u> <u>wat in die storie gebeur het.</u>**

**(Dit leerders moet hulle eie idees gee en nie ’n herhaling van wat die onderwyser gesê het nie.)**



## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2.**
2. Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
    - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
    - b **Watter stories het ons saam gelees?**
    - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
    - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
    - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
    - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
    - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
    - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 1
## TERMYN 3
# Week
# 3
# TEMA:
## Werk saam

## Voorbereiding Van Klaskamer:

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: prente van kinders wat saam werk?
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor waarom dit belangrik is vir mense om saam te werk.
6. Maak seker dal alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou groepbegeleide lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 11 & 12, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 13, Ons skryf & Bladsy 14, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 15 & 16, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prent van iemand wat jou help.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie: <u>Die groot beet</u>
2 Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: <u>Werk saam</u>
3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a Wat beteken dit om saam te werk?
   b Op watter wyse help mense mekaar?
   c Op watter wyse help mense ons?

WEEK 3

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - spanwerk
   - beet
   - oes

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om saam te werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Maak harde werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Lekker werk! | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| En van lekker werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Kom lekker lag | *Maak of jy lag terwyl jy die "swaar ding" aangee* |
| So kom ons werk 'n slag ! | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |

## Handskrif 15 minute

1 Vra die leerders om hulle skrifte oop te maak.
2 **Sê** die volgende woorde sodat die leerders dit kan neerskryf
   a **sien**
   b **tier**
   c **dier**

- **d** **vier**
- **e** **bier**
- **f** **lui**
- **g** **huis**
- **h** **ruit**
- **i** **muis**

3. Vra die leerders om 'n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4. Skryf die klanke en woorde op die swartbord.
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Die groot beet
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n tyd toe jy saam met 'n ander persoon gewerk het.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf 'n sin daarby

**SKRYFRAAMWERK: Ek het saam met ... gewerk om....**

## DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor 'n tyd toe hulle saam met 'n ander persoon gewerk het gaan skryf.
2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek doen baie goed saam met my suster. Ek gaan skryf oor hoe ons saam gewerk het om 'n rekenaar vir ons ma te koop.
4 **Demonstreer** deur 'n prent van jouself en jou suster wat saam 'n rekenaar uit kies te teken.
5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Ek het saam met my suster gewerk om 'n rekenaar te loop.
6 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

## MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Hou 'n dinkskrum met die leerders oor mense met wie on sal saam werk.
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: suster, broer, klasmaat, ens.
3 Vra aan leerders: Saam met wie het jy gewerk? Wat het julle saam gedoen?
4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel met wie het hulle saam gewerk en wat het hulle saam gedoen.
6 Hulle moet sê: Ek het saam met ... gewerk om...
7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!

## SKRYFWERK

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om 'n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.

## DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai** en met 'n maat **te praat** oor hul tekeninge.
3 **Verduidelik dat ons Woensdag meer inligting by ons skrywerk gaan voeg**.

*Hang leerders se skryfwerk op* ***leerder*** *ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*




## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend



**STEL NUWE KLANK BEKEND**

1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/ou/**
2 Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3 Bespreek die klank **/ou/** is die klank dieselfde of verskillend in Engels as huistaal.
4 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord waarin **/ou/** voorkom?
5 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **beskou, getroud, jou**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **oud, koud, goud, fout, woud**
2 Wys elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde na jou te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 **Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: ou**
2 **Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.**
3 **Vra dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.**
4 **Vra daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.**
5 **Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.**
6 **Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.**

**7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.**

ou ou ou ou

oud oud

koud koud

goud goud

fout fout

woud woud

Die woud is baie oud.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeelde Lees: 15 Minute


## Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: VISUALISEER**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Die groot beet<br><br>Boer Baloyi het gewoon op sy pragtige plaas in Venda, saam met sy vrou, Mama Rhandu. Die boer was gelukkig, want die grond op sy plaas was vrugbaar en daardie jaar was die reënval goed. Boer Baloyi en Mama Rhandu was baie opgewonde oor die oes. | Ek kan myself **voorstel** hoe die boer glimlag wanneer hy kyk na sy, pragtige groen plaas! |
| Een dag, toe die tyd reg was, het Boer Baloyi na sy groentetuin geloop. "Dit is tyd," sê Boer Baloyi. "Ek gaan nou my groente oes!"<br><br>Boer Baloyi trek die uie uit. Hy trek die aartappels uit. Hy trek die wortels uit. Hy trek die beet uit, maar een beet wil nie uitkom nie! Dit is 'n baie groot beet. Dit is 'n reusagtige beet! | -- |
| Boer Baloyi trek en trek en trek, maar die groot beet wil nie uitkom nie.<br><br>"Ek het hulp nodig," sê die boer. Hy roep sy vrou, Mama Rhandu. | Ek kan myself **voorstel** dat Boer Baloyi so hard trek dat hy begin sweet! |
| Boer Baloyi en Mama Rhandu trek die groot beet. Hulle trek en trek en trek en trek, maar die groot beet wil nie uitkom nie!<br><br>"Ons het hulp nodig," sê Mama Rhandu. Sy roep vir Nsovo, hulle seun. | Ek kan myself **voorstel** hoe Boer Baloyi en Mama Rhandu saam trek totdat hulle hande pyn! |
| Boer Baloyi en Mama Rhandu en Nsovu trek die beet. Hulle trek en trek en trek, maar die groot beet wil nie uitkom nie!<br><br>"Ons het hulp nodig," sê Nsovu. Hy roep die hond. | Ek kan myself **voorstel** hoe die hele familie trek totdat hul rûe pyn! |
| Boer Baloyi en Mama Rhandu en Nsovu en die hond trek die beet. Hulle trek en trek en trek, maar die groot beet wil nie uitkom nie!<br><br>"Ons het hulp nodig," sê die hond. Hy roep die kat. | -- |
| Boer Baloyi en Mama Rhandu en Nsovu en die hond en die kat trek die beet. Hulle trek en trek en trek, maar die groot beet wil nie uitkom nie!<br><br>"Ons het hulp nodig," sê die kat. Sy roep die muis. | -- |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Boer Baloyi en Mama Rhandu en Nsovu en die hond en die kat en die muis trek die groot beet.<br>Hulle trek en trek en trek en trek en T-R-R-R-E-E-E-K-K ... | Ek kan myself **voorstel** hoe die hele familie vuil raak. Die stof plak aan hulle sweet soos hulle trek en trek! |
| En skielik kom die beet uit!<br>"Ek het dit gedoen!" skree die muis. "Ek het die reusagtige beet uitgetrek!" | Ek kan myself **voorstel** hoe almal omval toe die reusagtige beet uiteindelik uitkom! |
| Daardie aand, het almal op die plaas 'n fees van groente gehad. Soos wat hulle eet, het hulle grappe gemaak en gelag oor die reusagtige beet en die sterk muis! | Ek kan myself **voorstel** hoe soet die heerlike reusagtige beet moet proe! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat sit vas in die grond? | 'n Reusagtige beet. |
| Wie help om die beet uit te trek? | Boer Baloyi, Mama Rhandu, Nsovu, die hond, die kat en die muis. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| **Stel jouself** die karakters in die storie **voor** wat trek en trek. Dink jy regtig dit was die muis wat die beet uitgetrek het? Hoekom of hoekom nie? | Ek dink dit was die klein muisie, want almal het getrek en getrek, maar eers toe die muis bykom het dit uitgekom.<br>OF<br>Ek dink nie dit was net die muis alleen nie, want almal het gehelp. Dit was omdat almal saam getrek het dat die beet uiteindelik uitgekom het! |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT


1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - alleen
   - saam
   - sterk
   - vas



| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om saam te werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Maak harde werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Lekker werk! | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| En van lekker werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Kom lekker lag | *Maak of jy lag terwyl jy die "swaar ding" aangee* |
| So kom ons werk 'n slag ! | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 1 VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

#### STEL KLANK BEKEND

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/eu/**
2. Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Bespreek die klank **/eu/** is die klank dieselfde of verskillend in Engels as huistaal.
4. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord waarin **/eu/** voorkom?
5. Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.**: kleur, skeur, vreug**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **deur, reuk, neus, geur, reus**
2. Wys elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om **klein letter**(s) korrek te vorm: **eu**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. **Vra** dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. **Vra** daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

eu eu eu eu

deur deur

reuk reuk

neus neus

geur geur

reus reus

’n Reus het ’n groot neus.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n tyd toe jy saam met 'n ander persoon gewerk het.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK:**

**Ek het saam met ... gewerk om....**

**Ons het goed saam gewerk / Ons het nie goed saam gewerk nie want .....**

#### DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag 'n sin by Maandag se skryfwerk gaan voeg.
2 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag gaan skryf oor hoe hulle dit ervaar het om saam met iemand te werk. Hulle moet dink of hulle goed saam met die persoon gewerk het, of nie en waarom hulle dit so ervaar het.
3 Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
4 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
5 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek en my suster het goed saam gewerk want ons het alles bespreek. Ons het nie baklei nie.
6 **Demonstreer** deur goed by jou prent by te voeg, soos 'n prent van jouself en jou suster wat gesels en glimlag.
7 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Ons het goed saam gewerk want ons het alles bespreek.
8 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hulle eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Hou 'n dinkskrum met die leerders oor woorde oor saamwerk.
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: baklei, bespreek, argumenteer, praat, gesels, help, bereik, doel, etc
3 Vra aan leerders: Dink aan saam met wie jy saam gewerk het. Het julle goed saam gewerk? Waarom or waarom nie?
4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle skryf.**
5 Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel hoe hulle dit ervaar het om saam met iemand te werk.
6 Hulle moet sê: Ons het goed saam gewerk / Ons het nie goed saam gewerk nie want...
7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!


### SKRYFWERK

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3. Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4. Help leerders om ’n sin te skryf.
5. Moedig leerders aan.


### DRAAI EN PRAAT

1. Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2. Gee die leerders instruksie om te **draai en** met ’n maat **te praat** oor hul tekeninge.


*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek het saam met my ma gewerk om vir die kerk te bak.



Ons het goed saam gewerk, want ons het mekaar gehelp.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentasie En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Begin met ’n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **koud**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/k/-/ou/-/d/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/k/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/ou/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/d/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **koud**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om ’n nuwe woord te maak: **/k/-/ou/-/d/** = **koud**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om ’n nuwe woord te maak: **reuk**

**ONS DOEN...**

1 Begin met ’n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **fout**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/f/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/ou/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/t/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/f/-/ou/-/t/**
7 Skryf die woord: **fout**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/f/-/ou/-/t/** = **fout**
9 Herhaal dit met ’n woord van die Woensdagles: **neus**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute


## Herhaalde Lees

**LEESSTRATEGIE: VISUALISEER**

| **Teks** | **Herhaalde lees (Dink hardop)** |
|---|---|
| Die groot beet<br><br>Boer Baloyi het gewoon op sy pragtige plaas in Venda, saam met sy vrou, Mama Rhandu. Die boer was gelukkig, want die grond op sy plaas was vrugbaar en daardie jaar was die reënval goed. Boer Baloyi en Mama Rhandu was baie opgewonde oor die oes. | -- |
| Een dag, toe die tyd reg was, het Boer Baloyi na sy groentetuin geloop. "Dit is tyd," sê Boer Baloyi. "Ek gaan nou my groente oes!"<br><br>Boer Baloyi trek die uie uit. Hy trek die aartappels uit. Hy trek die wortels uit. Hy trek die beet uit, maar een beet wil nie uitkom nie! Dit is 'n baie groot beet. Dit is 'n reusagtige beet! | Ek kan myself **voorstel** hoe Boer Baloyi groente na groente uittrek, die hele dag lank. Ek dink hy is klaar vuil en moeg van al sy harde werk! |
| Boer Baloyi trek en trek en trek, maar die groot beet wil nie uitkom nie.<br><br>"Ek het hulp nodig," sê die boer. Hy roep sy vrou, Mama Rhandu. | Ek **stel myself voor** hoe Boer Baloyi uit frustrasie "Eish!" skree. |
| Boer Baloyi en Mama Rhandu trek die groot beet. Hulle trek en trek en trek en trek, maar die groot beet wil nie uitkom nie!<br><br>"Ons het hulp nodig," sê Mama Rhandu. Sy roep vir Nsovo, hulle seun. | Ek kan myself **voorstel** hoe Boer Baloyi en Mama Rhandu 'n harde geluid maak:"Urgh!" |
| Boer Baloyi en Mama Rhandu en Nsovu trek die beet. Hulle trek en trek en trek, maar die groot beet wil nie uitkom nie!<br><br>"Ons het hulp nodig," sê Nsovu. Hy roep die hond. | Ek kan myself **voorstel** hoe Nsovu sy kop skud uit frustrasie! Hulle voel gefrustreerd dat die beet glad nie uit die grond wil beweeg nie! |
| Boer Baloyi en Mama Rhandu en Nsovu en die hond trek die beet. Hulle trek en trek en trek, maar die groot beet wil nie uitkom nie!<br><br>"Ons het hulp nodig," sê die hond. Hy roep die kat. | Ek **stel myself voor** hoe die hond grom uit frustrasie terwyl hy trek en trek. |
| Boer Baloyi en Mama Rhandu en Nsovu en die hond en die kat trek die beet. Hulle trek en trek en trek, maar die groot beet wil nie uitkom nie!<br><br>"Ons het hulp nodig," sê die kat. Sy roep die muis. | Ek **stel myself voor** hoe die familie moeg en gefrustreerd lyk. Hulle pyn en hulle sweet, maar die reusagtige beet beweeg nie eens nie! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Boer Baloyi en Mama Rhandu en Nsovu en die hond en die kat en die muis trek die groot beet.<br><br>Hulle trek en trek en trek en trek en T-R-R-R-E-E-E-K-K … | -- |
| En skielik kom die beet uit!<br><br>"Ek het dit gedoen!" skree die muis. "Ek het die reusagtige beet uitgetrek!" | Ek kan myself **voorstel** hoe die klein muisie die reusagtige beet op haar eie uittrek! Wat 'n snaakse gedagte! |
| Daardie aand, het almal op die plaas 'n fees van groente gehad. Soos wat hulle eet, het hulle grappe gemaak en gelag oor die reusagtige beet en die sterk muis! | -- |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Hoekom was Boer Baloyi gelukkig? | Omdat die grond op sy plaas vrugbaar was en die reënval goed was. |
| Hoe dink jy het die karakters gevoel toe hulle die beet uitgetrek het? | Ek dink hulle het …….. gevoel. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom is dit snaaks om 'n klein muisie **voor te stel** wat 'n reusagtige beet uittrek? | • Omdat die sterk boer dit nie kon uittrek nie.<br>• Omdat twee sterk volwassenes dit nie kon uittrek nie.<br>• Omdat selfs Boer Baloyi, Mama Rhandu, Nsovu, die hond en die kat dit nie saam kon uittrek nie! Hoe kan 'n klein muisie dit alleen doen?<br>• Omdat die reusagtige beet baie groter as die klein muisie is! |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ___________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- reën
- grond
- ryk

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om saam te werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Maak harde werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Lekker werk! | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| En van lekker werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Kom lekker lag | *Maak of jy lag terwyl jy die "swaar ding" aangee* |
| So kom ons werk 'n slag ! | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In hierdie storie...
My gunsteling deel van die storie is...
Ek sien spanwek in die storie want...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

# Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

## Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **Ou** | **eu** | **d** |
| **K** | **g** | **f** |
| **T** | **r** | **n** |
| **S** | **a** | **e** |

### DEMONSTRASIE

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/ou/** en **/eu/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4. Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/k/-/ou/-/d/ = koud**
5. Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/ou/ of /eu/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/n/-/e/-/t/ = net**

### LEERDERS DOEN...

1. **Vra** aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die opskrif te skryf: **ou, eu**
2. Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4. Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **oud, koud, goud, fout, woud, deur, reuk, neus, geur, reus, dag, net, nat, nek, rek**

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________

WEEK 3

# Gedeelde Lees: 15 minute

## Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: OPSOMMINGS / TREE OP**


**STORIE DRAMATISERING**

**Voorbereiding:**

- Kies leerders om Boer Baloyi, Mama Rhandu, Nsovo, die hond, die kat en die muis te speel.
- Indien moontlik, bring ’n paar groente soos beet, aartappel, patas, wortels saam.

| TEKS | ONDERWYSER DOEN / Sê | LEERDERS DOEN |
|---|---|---|
| Die groot beet<br><br>Boer Baloyi het gewoon op sy pragtige plaas in Venda, saam met sy vrou, Mama Rhandu. Die boer was gelukkig, want die grond op sy plaas was vrugbaar en daardie jaar was die reënval goed. Boer Baloyi en Mama Rhandu was baie opgewonde oor die oes. | Vra leerders: Wat gebeur hier? | Leerders moet ’n opsomming maak van wat op die bladsy gebeur. |
| Een dag, toe die tyd reg was, het Boer Baloyi na sy groentetuin geloop. “Dit is tyd,” sê Boer Baloyi. “Ek gaan nou my groente oes!”<br><br>Boer Baloyi trek die uie uit. Hy trek die aartappels uit. Hy trek die wortels uit. Hy trek die beet uit, maar een beet wil nie uitkom nie! Dit is ’n baie groot beet. Dit is ’n reusagtige beet! | Roep die leerder wat Boer Baloyi speel na vore. | Boer Baloyi sê: “Dit is tyd. Ek gaan nou my groente oes”.<br><br>Boer Baloyi gee voor dat hy sy groente oes. |
| Boer Baloyi trek en trek en trek, maar die groot beet wil nie uitkom nie.<br><br>“Ek het hulp nodig,” sê die boer. Hy roep sy vrou, Mama Rhandu. | Vra leerders: Wat gebeur hier? | Leerders moet ’n opsomming maak van wat op die bladsy gebeur. (Boer Baloyi kan nie die groot beet uit trek nie.)<br><br>Boer Baloyi sê: “Ek het hulp nodig!” |
| Boer Baloyi en Mama Rhandu trek die groot beet. Hulle trek en trek en trek en trek, maar die groot beet wil nie uitkom nie!<br><br>“Ons het hulp nodig,” sê Mama Rhandu. Sy roep vir Nsovo, hulle seun. | Vra leerders: Wie moet volgende na vore kom?<br><br>Roep die leerder wat Mama Rhandu speel na vore. | Mama Rhandu trek saam met Boer Baloyi<br><br>Mama Rhandu sê: “Ons het hulp nodig”. |

| TEKS | ONDERWYSER DOEN / Sê | LEERDERS DOEN |
|---|---|---|
| Boer Baloyi en Mama Rhandu en Nsovu trek die beet. Hulle trek en trek en trek, maar die groot beet wil nie uitkom nie!<br>“Ons het hulp nodig,” sê Nsovu. Hy roep die hond. | Vra die leerders: Wie moet volgende kom?<br>Roep die leerder wat Nsovo speel na vore. | Leerders antwoord: Mama Rhandu<br>Nsovo trek saam met Boer Baloyi en Mama Rhandu<br>Nsovo sê: “Ons het hulp nodig”. |
| Boer Baloyi en Mama Rhandu en Nsovu en die hond trek die beet. Hulle trek en trek en trek, maar die groot beet wil nie uitkom nie!<br>“Ons het hulp nodig,” sê die hond. Hy roep die kat. | Vra leerders: Wie moet volgende kom?<br>Roep die leerder wat die hond speel na vore. | Leerders antwoord: die hond<br>Die hond trek saam met Boer Baloyi Mama Rhandu en Nsovo.<br>Die hond sê: “Ons het hulp nodig”. |
| Boer Baloyi en Mama Rhandu en Nsovu en die hond en die kat trek die beet. Hulle trek en trek en trek, maar die groot beet wil nie uitkom nie!<br>“Ons het hulp nodig,” sê die kat. Sy roep die muis. | Vra leerders: Wie moet volgende kom?<br>Roep die leerder wat die kat speel na vore. | Leerders antwoord: die kat<br>Die kat trek saam met Boer Baloyi, Mama Rhandu, Nsovo en die hond.<br>Die kat sê: “Ons het hulp nodig”. |
| Boer Baloyi en Mama Rhandu en Nsovu en die hond en die kat en die muis trek die groot beet.<br>Hulle trek en trek en trek en trek en T-R-R-R-E-E-E-K-K … | Vra leerders: Wie moet volgende kom?<br>Roep die leerder wat die muis speel na vore. | Leerders antwoord: die kat<br>Die muis trek saam met Boer Baloyi, Mama Rhandu, Nsovo, die hond en die kat. |
| En skielik kom die beet uit!<br>“Ek het dit gedoen!” skree die muis. “Ek het die reusagtige beet uitgetrek!” | Vra leerders: Wat gebeur hier? | Leerders moet ’n opsomming maak van wat op die bladsy gebeur. (Die groot beet kom uit die grond uit!)<br>Die muis sê: “Ek het dit gedoen!” Ek het die reusagtige beet uitgetrek!” |
| Daardie aand, het almal op die plaas ’n fees van groente gehad. Soos wat hulle eet, het hulle grappe gemaak en gelag oor die reusagtige beet en die sterk muis! | -- | -- |



## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3.**
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 1

## TERMYN 3

# Week

# 4

# TEMA:

## Werk saam

## Voorbereiding Van Klaskamer:

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: prente van mense wat mekaar help.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor verskillende maniere hoe ons mense kan help.
6. Maak seker dal alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou groepbegeleide lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 17, Pas by mekaar

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 18, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 19 & 20, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van iemand wat hy graag sal wil help.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan leerders 'n prent van die susters wat saam die river oorsteek in Grootboek storie: Die verhaal van die twee susters.
2 Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Werk saam
3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a Wanneer moet mense saam werk?
   b Waarom werk mense saam?
   c Wat geniet jy wanneer sy saam met ander werk?
   d Wat vind jy uitdagend wanneer jy saam met ander werk?



### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - verhaal
   - argumenteer
   - uitklaar

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om saam te werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Maak harde werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Lekker werk! | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| En van lekker werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Kom lekker lag | *Maak of jy lag terwyl jy die "swaar ding" aangee* |
| So kom ons werk 'n slag ! | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |

## Handskrif 15 minute

1 Vra aan die leerders om hulle skrifte oop te maak.
2 Sê die volgende woorde sodat die leerders dit kan neerskryf
   a **oud**
   b **koud**
   c **goud**
   d **fout**
   e **woud**
   f **deur**
   g **reuk**
   h **neus**
   i **geur**
   j **reus**
3 Vra die leerders om 'n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te merk.
4 Skryf die klanke en woorde op die swartbord.
5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

## Voorlees

### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: <u>Die verhaal van twee susters</u>
3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Ons het almal verskillende talente wat ons help om saam te werk. Skryf oor een van jou talente asook jou broer or suster of maat se talent.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf 'n sin daarby. Dit sal deel vorm van 'n klasboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:** My talent is...

#### DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor iets gaan skryf waarmee hulle baie goed is – hulle talent!
2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek is 'n talentvolle skrywer. Ek dink dat ek uitsonderlik goed is met skryf.
4 **Demonstreer** deur 'n prent van jouself wat skryf te teken.
5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: My talent is om te skryf.
6 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat die leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Hou 'n dinkskrum met die leerders oor verskillende talente.
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: sport, skryf, lees, sterk, hulpvaardig, ens.
3 Vra aan leerders: Waarmee is jy uitsonderlik goed?
4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel van hulle spesiale talent is.
6 Hulle moet sê: My talent is ...
7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!

#### SKRYFWERK


1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om 'n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.

**DRAAI EN PRAAT**

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praa**t oor hul tekeninge.
3 **Verduidelik dat ons Woensdag meer inligting by ons skrywerk gaan voeg**.

*Hang leerders se skryfwerk op* ***leerder*** *ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

**STEL NUWE KLANK BEKEND**

1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/ei/**
2 Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3 Bespreek die klank **/ei/** is die klank dieselfde of verskillend in Engels as huistaal.
4 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan ’n woord waarin **/ei/** voorkom?
5 Hou ’n dinkskrum met die leerders, bv.: **aarbei, brein, klein**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **brei, klei, seil, reis, sein**
2 Wys elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde na jou te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 **Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: ei**
2 **Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.**
3 **Vra dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.**
4 **Vra daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.**
5 **Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.**
6 **Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.**
7 **Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin <u>onderstreep</u>.**

WEEK 4

ei ei ei ei

brei brei

klei klei

seil seil

reis reis

sein sein

Jy kan nie brei met klei nie.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute


### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER / MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **<u>Die verhaal van twee susters</u>**<br>*Hierdie is 'n storie aangepas van die Panchatantra verhale. Dit pas aan by die tema, werk saam.* | **--** |
| Eendag lank gelede, in 'n ver land genaamd Indië, het daar twee susters gewoon. Gewoonlik was Kamala en Jameela beste vriende, maar een dag het hulle in 'n ongewone argument betrokke geraak.<br>"Om sterk te wees is definitief beter as om vinnig te wees!" sê Kamala beslis.<br>"Ek sal altyd eerder vinnig en rats as groot en sterk wil wees!" redeneer Jameela.<br>Heen en weer argumenteer hulle, hulle word al hoe kwater en kwater vir mekaar. | Ek **wonder** hoe hulle die argument gaan oplos? |
| Gelukkig vir Kamala en Jameela, woon die wyse vrou Ghosha in hulle dorpie. Elke keer as die mense in Ghosha se dorpie 'n probleem gehad het wat hulle nie kao oplos nie, het hulle na haar gegaan. Hulle het baie respek vir haar gehad, want sy het altyd aan 'n plan gedink hoe om 'n argument op te los. Kamala en Jameela loop na Ghosha se huis, hulle argumenteer terwyl hulle loop. "Sterk is beter!" sê Kamala beslis. "Vinnig is definitief beter!" redeneer Jameela. | Ek **wonder** of Ghosha die susters sal kan help om hulle argument op te los? |
| Sy het buite haar huis gewag toe hulle uiteindelik by haar huis kom. Ghosha hoor hoe Kamala en Jameela argumenteer.<br>Die twee meisies buig om haar voete uit respek te raak. "Wat is die probleem?" vra Ghosha.<br>"Ghoshaji, is dit beter om vinnig te wees of is dit beter om sterk te wees?" vra Kamala.<br>"Gaan sit in julle huis en wag vir my. Moenie verder hieroor praat nie," antwoord Ghosha. | -- |
| Ghosha sit in haar tuin en dink diep oor wat om te doen. | Ek **wonder** of dit beter is om vinnig of sterk te wees? Ek **wonder** hoe Ghosha hierdie baie moeilike vraag gaan antwoord! |
| Uiteindelik, het Ghosha 'n idee. Sy gee 'n klein, veelseggende glimlag soos wat sy na Kameela en Jameela se huis loop. | -- |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| "Ek het besluit om julle vraag te beantwoord, met die voorwaarde dat julle saam aan 'n uitdaging gaan deelneem," verduidelik Ghosha. "Oorkant die rivier, diep in die woud is 'n klein boompie met die heerlikste kokosneute. Julle moet vir my vrugte van daardie boom af bring. Dan, sal ek julle vraag beantwoord. | Ek **wonder** hoekom sy wil hê Kamala en Jameela moet vir haar kokosneute bring voor sy hulle vraag beantwoord? |
| So, Kamala en Jameela begin hulle reis. Toe hulle die rivierbank bereik, begin Jameela die water inloop. Sy besef vinnig dat die rivier te diep en die strome te sterk is vir haar om die rivier oor te steek. Kamala kyk hoe haar suster sukkel. "Klim op my skouers," bied sy aan. Toe steek hulle saam die rivier oor. | Ek maak die **afleiding** om die rivier oor te steek, is dit beter om sterk te wees soos Kamala. Ek **wonder** of Ghosha gaan sê dit is beter om sterk te wees? |
| Toe hulle die boom bereik, probeer Kamala die boom skud. Sy ruk en pluk, maar die boom was yslik groot en niks gebeur nie. So Jameela klim vinnig die boom uit, pluk die kokosneute, en gooi hulle grond toe. Kamala en Jameela maak die kokosneute bymekaar en begin hulle reis terug huis toe. | Ek maak die **afleiding** dat wanneer jy 'n hoë boom klim, is dit beter om rats soos Jameela te wees. Ek **wonder** of Ghosha gaan sê dit is beter om vinnig te wees? |
| Toe die susters by Ghosha kom, bied hulle vir haar die kokosneute aan.<br>"Van die twee van julle, wie bring vir my die vrugte?" vra Ghosha.<br>Kamala en Jameela kyk na mekaar.<br>"Ekke!" sê Jameela, "ek het die boom geklim om die vrugte te pluk!"<br>"Ekke!" sê Kamala, "ek het Jameela oor die rivier gedra. Die vrugte sou nie hier wees sonder my nie!" | Wie dink jy was die meeste verantwoordelik om die taak te voltooi? Ek is nie seker nie! |
| Kamala en Jameela kyk na mekaar. Hulle begin giggel.<br>"Nou sien julle – een is nie beter as die ander nie! Nie een van julle sou die taak alleen kon uitvoer nie. As 'n span, het julle die onmoontlike reggekry! Alles omdat julle julle individuele talente op die regte tyd gebruik het."<br>Ghosha glimlag haar klein, veelseggende glimlag, soos die susters hand aan hand wegstap. | O! Ek maak die **afleiding** dat Ghosha baie slim is. Sy gee vir hulle 'n taak sodat hulle kan sien dat beide hulle vaardighede ewe belangrik is! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat is Kamala se vaardigheid? | Kamala is die sterker suster. |
| Wat is Jameela se vaardigheid? | Jameela is die vinniger en ratser suster. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Kamala en Jameela na Ghosha se huis gegaan? | • Omdat hulle nie kon besluit of dit beter is om sterk of vinnig te wees nie.<br>• Omdat hulle hulp nodig gehad het om ’n argument op te los.<br>• Omdat Ghosha baie wys is en kan help om ’n probleem op te los. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute



**GROEPE: ______________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)

**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.

- ratse
- huidige
- stryd

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om saam te werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Maak harde werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Lekker werk! | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| En van lekker werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Kom lekker lag | *Maak of jy lag terwyl jy die "swaar ding" aangee* |
| So kom ons werk 'n slag! | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 2 VAN DIE TEMA)

**1** Verdeel leerders in hul klein groepe

**2** Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.

**3** Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.


**4** Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.

**5** Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.

**6** Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!

**7** Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.

**8** Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

**STEL KLANK BEKEND**

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/aai/**
2. Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Bespreek die klank **/aai/** is die klank dieselfde of verskillend in Engels as huistaal.
4. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord waarin **/aai/** voorkom?
5. Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.**: braai, slaai, verraai**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **baai, haai, raai, laai, saai**
2. Wys elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde na jou te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **aai**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Vra dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Vra daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin <u>onderstreep</u>.

aai aai aai aai

baai baai

haai haai

raai raai

laai laai

saai saai

Die haai is in die baai.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Ons het almal verskillende talente wat ons help om saam te werk. Skryf oor een van jou talente asook jou broer or suster of maat se talent.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK:**

My talent is...

Ons het almal verskillende talente. My maat / broer / suster / se talent is...



#### DEMONSTRASIE

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag 'n sin by Maandag se skryfwerk gaan voeg.
2. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor hulle maat of broer of suster se talent gaan skryf.
3. Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
4. **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
5. Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: My suster is 'n baie goeie naeloper. Sy hardloop elke**?** en hardloop ook resies.
6. **Demonstreer** deur 'n prent van jou suster wat hardloop te teken.
7. Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Ons het almal verskillende talente. My maat suster se talent is om te hardloop.
8. Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Hou 'n dinkskrum met die leerders oor verskillende talente
2. Skryf die woorde op die swartbord, bv.: hardloop, organiseering, tuinwerk, swem, verf, teken ens
3. Vra aan leerders: Waarmee is jou maat of broer of suster uitsonderlik goed?
4. Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle skryf.**
5. Vra 2–3 leerders om jou te vertel van hulle maat of broer of suster se talent.
6. Hulle moet sê: My maat / suster / broer / se talent is...
7. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!

## SKRYFWERK

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om 'n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.


## DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hul tekeninge.


*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



My talent is om te sing



Ons het almal verskillende talente. My suster se talent is om sokker te speel.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: Segmentasie En Vermenging

15 minute

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **brei**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/b/**-**/r/**-**/ei/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/b/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/r/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/ei/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **brei**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/b/**-**/r/**-**/ei/** = **brei**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **baai**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **sein**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/s/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/ei/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/n/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/s/**-**/ei/**-**/n/**
7 Skryf die woord: **sein**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/s/**-**/ei/**-**/n/** = **sein**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **laai**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

WEEK 4

## Gedeelde Lees: 15 minute


### Herhaalde Lees

**LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **<u>Die verhaal van twee susters</u>**<br>*Hierdie is 'n storie aangepas van die Panchatantra verhale. Dit pas aan by die tema, werk saam.* | *Hierdie storie is 'n **verhaal**. 'n Verhaal is 'n spesiale storie wat bedoel is om jou 'n les te leer. Ons tema hierdie week is Werk Saam. Ek maak die **afleiding** dat hierdie verhaal my iets belangrik gaan leer oor saamwerk.* |
| Eendag lank gelede, in 'n ver land genaamd Indië, het daar twee susters gewoon. Gewoonlik was Kamala en Jameela beste vriende, maar een dag het hulle in 'n ongewone argument betrokke geraak.<br>"Om sterk te wees is definitief beter as om vinnig te wees!" sê Kamala beslis.<br>"Ek sal altyd eerder vinnig en rats as groot en sterk wil wees!" redeneer Jameela.<br>Heen en weer argumenteer hulle, hulle word al hoe kwater en kwater vir mekaar. | -- |
| Gelukkig vir Kamala en Jameela, woon die wyse vrou Ghosha in hulle dorpie. Elke keer as die mense in Ghosha se dorpie 'n probleem gehad het wat hulle nie kao oplos nie, het hulle na haar gegaan. Hulle het baie respek vir haar gehad, want sy het altyd aan 'n plan gedink hoe om 'n argument op te los. Kamala en Jameela loop na Ghosha se huis, hulle argumenteer terwyl hulle loop. "Sterk is beter!" sê Kamala beslis. "Vinnig is definitief beter!" redeneer Jameela. | Ek maak die **afleiding** dat Ghosha wys moet wees, want sy kan enige probleem oplos! |
| Sy het buite haar huis gewag toe hulle uiteindelik by haar huis kom. Ghosha hoor hoe Kamala en Jameela argumenteer.<br>Die twee meisies buig om haar voete uit respek te raak. "Wat is die probleem?" vra Ghosha.<br>"Ghoshaji, is dit beter om vinnig te wees of is dit beter om sterk te wees?" vra Kamala.<br>"Gaan sit in julle huis en wag vir my. Moenie verder hieroor praat nie," antwoord Ghosha. | -- |
| Ghosha sit in haar tuin en dink diep oor wat om te doen. | Ek maak die **afleiding** dat Ghosha so wys is, omdat sy diep oor dinge dink! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Uiteindelik, het Ghosha ’n idee. Sy gee ’n klein, veelseggende glimlag soos wat sy na Kameela en Jameela se huis loop. | -- |
| “Ek het besluit om julle vraag te beantwoord, met die voorwaarde dat julle saam aan ’n uitdaging gaan deelneem,” verduidelik Ghosha. “Oorkant die rivier, diep in die woud is ’n klein boompie met die heerlikste kokosneute. Julle moet vir my vrugte van daardie boom af bring. Dan, sal ek julle vraag beantwoord. | Ek maak die **afleiding** dat Ghosha hierdie taak gekies het, want sy wil hê die susters moet saamwerk. Sy moet weet dat hierdie taak beide hulle vaardighede nodig gaan hê. |
| So, Kamala en Jameela begin hulle reis. Toe hulle die rivierbank bereik, begin Jameela die water inloop. Sy besef vinnig dat die rivier te diep en die strome te sterk is vir haar om die rivier oor te steek. Kamala kyk hoe haar suster sukkel. “Klim op my skouers,” bied sy aan. Toe steek hulle saam die rivier oor. | Ghosha is baie wys. Ek dink sy het geweet dit gaan Kamala se krag neem om die rivier oor te steek. |
| Toe hulle die boom bereik, probeer Kamala die boom skud. Sy ruk en pluk, maar die boom was yslik groot en niks gebeur nie. So Jameela klim vinnig die boom uit, pluk die kokosneute, en gooi hulle grond toe. Kamala en Jameela maak die kokosneute bymekaar en begin hulle reis terug huis toe. | Ghosha is baie wys. Ek dink sy het geweet dit gaan Jameela se ratsheid neem om die boom te klim. |
| Toe die susters by Ghosha kom, bied hulle vir haar die kokosneute aan.<br><br>“Van die twee van julle, wie bring vir my die vrugte?” vra Ghosha.<br><br>Kamala en Jameela kyk na mekaar.<br><br>“Ekke!” sê Jameela, “ek het die boom geklim om die vrugte te pluk!”<br><br>“Ekke!” sê Kamala, “ek het Jameela oor die rivier gedra. Die vrugte sou nie hier wees sonder my nie!” | Ek dink dat Ghosha die susters ’n taak gegee het waar hulle moes saamwerk. Sy wou hê hulle moes sien dat beide van hulle se vaardighede nodig was om die kokosneute te kry! |
| Kamala en Jameela kyk na mekaar. Hulle begin giggel.<br><br>“Nou sien julle – een is nie beter as die ander nie! Nie een van julle sou die taak alleen kon uitvoer nie. As ’n span, het julle die onmoontlike reggekry! Alles omdat julle julle individuele talente op die regte tyd gebruik het.” | Ek maak die **afleiding** dat Ghosha se taak die suster gehelp het om te sien dat dit nie beter is om sterk of vinnig te wees nie – beide vaardighede is nodig op verskillende tye. |
| Ghosha glimlag haar klein, veelseggende glimlag, soos die susters hand aan hand wegstap. | |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Hoe het Kamala gehelp om die kokosneute te kry? | Sy het Jameela oor die rivier gedra. Hulle sou nie by die kokosneutboom kon kom sonder Kamala nie. |
| Hoe het Jameela gehelp om die kokosneute te kry? | Sy het die boom geklim en die kokosneute grond toe gegooi. Hulle sou nie die kokosneute sonder Jameela kon kry nie. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Ghosha vir Kamala en Jameela gevra om die kokosneute te gaan pluk? | • Omdat sy geweet het die susters het Kamala se krag nodig om die rivier oor te steek.<br>• Omdat sy geweet het die susters het Jameela nodig om vinnig die hoë boom uit te klim om die kokosneute te kry.<br>• Omdat sy geweet het die taak het beide se vaardighede nodig.<br>• Omdat sy wou hê die susters moet sien dat dit nie beter is om sterk of vinnig te wees nie – beide se vaardighede is op verskillende tye nodig.<br>• Omdat sy die susters 'n taak wou gee wat hulle saam sou laat werk. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - individueel
   - span
   - talent

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om saam te werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Maak harde werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Lekker werk! | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| En van lekker werk, | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |
| Kom lekker lag | *Maak of jy lag terwyl jy die "swaar ding" aangee* |
| So kom ons werk 'n slag ! | *Maak asof jy swaar goed vir mekaar aangee* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie…
Ek kan aflei dat Ghosha wys is want…
Ek sien spanwerk in die storie wanneer...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **ei** | **aai** | **b** |
| **r** | **l** | **k** |
| **a** | **n** | **u** |
| **s** | **o** | **h** |

**DEMONSTRASIE**

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/ei/** en **/aai/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4. Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/b/-/aai/** = **baai**
5. Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/ei/ of /aai/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/s/-/u/-/s/** = **sus**

**LEERDERS DOEN...**


1. Vra aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die opskrif te skryf: **ei, aai**
2. Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4. Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **brei, klei, seil, reis, sein, baai, haai, raai, laai, saai, sus, kus, son, koor, huur**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________



## Gedeelde Lees: 15 minute


### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: OPSOMMINGS / MAAL AFLEIDINGS**

**MONDELINGE OORVERTEL VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle oor iets waarvan hulle in die storie: Die verhaal van twee susters gehou het gesels.
2. Hulle sal ook praat oor ’n **afleiding** wat hulle oor Ghosha kan maak.
3. D**emonstreer** hoe om in 1 tot 2 sinne te vertel **van iets waarvan hulle** hou en ’n **afleiding** maak, soos: **Ek het daarvan gehou toe** Kamala en Jameela geargumenteer het en besluit het om na Ghosha toe te gaan want sy is wys. **Ek maak die afleiding** dat Ghosha baie goed daarmee is om mense te help.
4. Hou die Grootboek op en wys na die prente in die boek. Vra die leerders om te dink wat in die storie gebeur het.
5. Gee leerders die instruksie om te dink waarvan hulle in die storie **gehou het** en ’n **afleiding** te maak oor die karakters in die storie: Die verhaal van twee susters!
6. Vra 2 – 3 leerders om hulle idees met die klas te deel. **Help** hulle om volledige sinne te gee.
7. Verduidelik en korrigeer algemene foute wat die leerders maak in hulle sinne.
8. Gee die leerders die opdrag om te **draai en te praat** met ’n maat en **<u>in hulle eie woorde te vertel</u> <u>wat in die storie gebeur het.</u>**

**(Die leerders moet hulle eie idees gee en nie ’n herhaling van wat die onderwyser gesê het nie.)**



## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4.**
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 1

## TERMYN 3

# Week

# 5

## TEMA:

# Klere

## Voorbereiding Van Klaskamer:

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: bring ’n paar kledingstukke klas toe.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor die geskiedenis van klere.
6. Maak seker dal alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou groepbegeleide lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 1: Bladsy 21 & 22, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 1: Bladsy 23 & 24, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 1: Bladsy 25, Pret

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van jou gunsteling kledingstuk.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie: Bohlale se nuwe T-hemp
2. Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: Klere
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Wat is kledingstukke?
   b. Watter byvoeglike naamwoorde kan ons gebruik om klere te beskryf?
   c. Watter soort kledingstukke dra ons elke dag?
   d. Watter soort kledingstukke dra ons na spesiale geleenthede?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - spieël
   - spieëlbeeld
   - gewone

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ek dra 'n hoed | *Wys na hoed op jou kop* |
| My maatjie dra 'n broek | *Wys na jou broek* |
| En saam soek en soek ons | *Hou jou handjie bo jou oë en maak of jy soek* |
| Na 'n sakdoek | *Maak of jy jou neus uitsnuit* |

WEEK 5

## Handskrif

15 minute

1. Vra die leerders om hulle skrifte oop te maak.
2. Sê die volgende woorde sodat die leerders dit kan neerskryf
   a. **brei**
   b. **klei**
   c. **seil**
   d. **reis**

- **e** **sein**
- **f** **baai**
- **g** **haai**
- **h** **raai**
- **i** **laai**
- **j** **saai**

3. Vra leerders om 'n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4. Skryf die klanke en woorde op die swartbord.
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Bohlale se nuwe T-hemp.
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n keer toe jy 'n nuwe kledingstuk gekry het.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK: Ek het...**

## DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor ’n keer toe hulle ’n nuwe kledingstuk ontvang het gaan skryf.
2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek het eenkeer ’n trui gekry. Dit was nie ’n nuwe trui van ’n winkel nie. Dit het eers aan my suster behoort, maar dit was vir my nuut. Dit was my gunsteling trui ooit!
4 **Demonstreer** deur ’n prent van jouself in jou nuwe trui te teken.
5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek ’n lyn vir elke woord,** bv.: Ek het ’n trui gekry wat eers aan my suster behoort het.
6 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat die leerders hul eie idees moet neerskryf.

## MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Hou ’n dinkskrum met die leerders oor kledingstukke
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: T-hemp, sokkies, skoolskoene, baadjie, ens
3 Vra aan leerders: Watter nuwe kledingstuk het jy gekry?
4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel van ’n nuwe kledinstuk wat hulle gekry het.
6 Hulle moet sê: Ek het...
7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!


## SKRYFWERK

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om ’n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.


## DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met ’n maat **te praat** oor hul tekeninge.
3 **Verduidelik dat ons Woensdag meer inligting by ons skrywerk gaan voeg**.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek het 'n nuwe broek gekry!



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5** het.
2. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

#### STEL NUWE KLANK BEKEND

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/ooi/**
2. Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Bespreek die klank **/ooi/** is die klank dieselfde of verskillend in Engels as huistaal.
4. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord waarin **/ooi/ voorkom?**
5. Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **mooi, gooi, rooi**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **rooi, mooi, nooi, fooi, gooi**
2. Wys elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde aan jou te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.



#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. **Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: ooi**
2. **Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.**
3. **Vra leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.**
4. Vra **daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.**
5. **Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.**
6. **Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.**

**7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.**

ooi ooi ooi ooi

rooi rooi

mooi mooi

nooi nooi

fooi fooi

gooi gooi

Sy het n mooi rooi rok aan.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Bohlale se nuwe t-hemp<br><br>Dit is Saterdag. Bohlale gaan saam met haar ouma winkels toe. "Kom ons gaan!" roep Ouma. Bohlale hardloop na die kombuis toe. Bohlale en haar ouma loop verby die varke wat vreet. Hulle loop verby dogtertjies wat touspring. Hulle loop verby 'n vrou wat haar wasgoed ophang. | Ek kan **aflei** dat Bohlale en haar ouma ver moet loop! |
| Uiteindelik kom hul by die hoofpad aan. Die taxi is amper daar! | - |
| Bohlale kyk die hele pad by die venster uit. Sy sien 'n ou, stukkende motor. Sy sien 'n paar skape. Dan sien sy baie kleurvolle advertensieborde. Hulle is in die dorp! Die taxi stop. "Kom ons gaan!" sê ouma. | O! Ek kan **aflei** dat Bohlale en haar ouma ver buite die dorp woon. Ek kan **aflei** dat hulle nie gereeld dorp toe gaan nie! |
| Eerste gaan hulle bank toe. Toe gaan hulle poskantoor toe. Uiteindelik gaan hulle na die klerewinkel.<br><br>"Ek sal vir jou iets nuuts koop. Gaan kies iets, Bohlale" sê Ouma. | Kyk mooi na die prentjie! Ek kan **aflei** dat Bohlale verveeld is by die bank. Sy lyk ook verveeld by die poskantoor, maar sy lyk baie opgewonde toe sy by die klerewinkel kom! |
| "Ek hou van hierdie een," sê Bohlale, sy wys na 'n groen t-hemp met 'n prentjie van 'n dinosaurus op die voorkant.<br><br>"Dit is vir seuns," sê Ouma.<br><br>"Ek is mal oor dinosaurusse," sê Bohlale.<br><br>"Jy kyk na die seunsklere!" sê Ouma.<br><br>"O! Ek is mal oor hierdie een!" sê Bohlale, terwyl sy kyk na 'n t-hemp met 'n prent van 'n bakkie op die voorkant.<br><br>Ouma skud net haar kop. "Hoekom nie?" vra Bohlale. Ouma loop weg. | - |
| "Wat van hierdie een?" vra Ouma.<br><br>"Ouma, ek hou nie van pienk nie," sê Bohlale.<br><br>"Alle meisies hou van pienk!" sê Ouma.<br><br>"Wel, ek is 'n meisie en ek hou nie daarvan nie," dink Bohlale.<br><br>"Nou maar goed. Ons sal vir jou 'n gewone wit t-hemp kry," sê Ouma. | Bohlale en haar ouma hou van verskillende t-hemde! Ek kan **aflei** dat Bohlale nie gelukkig is met die t-hemp wat ouma kies om te koop nie! |

WEEK 5

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Toe Bohlale by die huis kom sit sy die inkopiesak op die kombuistafel neer en gaan na haar kamer. Sy sit op haar bed en dink aan al die t-hemde by die klerewinkel. Bohlale se ma kom haar kamer binne. Sy hou die nuwe wit t-hemp vas.<br>“Is dit wat jy gekies het?” vra sy.<br>Bohlale vertel haar ma wat by die klerewinkel gebeur het. | Bohlale los haar sak op die tafel. Ek kan **aflei** dat Bohlale nie gelukkig is oor die t-hemp wat sy by die winkel gekry het nie! |
| “Ek het ’n idee,” sê haar ma en gaan uit die kamer uit. Sy kom terug met koki penne. “Jy kan hierdie gebruik om jou eie prentjie op jou nuwe t-hemp te teken!’ sê sy. Bohlale dink aan al die t-hemde waarvan sy by die winkel gehou het en begin teken. | Ek kan **aflei** dat Bohlale ’n t-hemp gaan teken soos die wat sy in die winkel gesien het! |
| Later roep Bohlale se pa haar om te kom eet. Bohlale trek haar nuwe t-hemp aan. Sy kyk in die spieël. Bohlale hou van wat sy sien! Sy hardloop kombuis toe. | Kyk na Bohlale se groot glimlag! Ek kan **aflei** dat sy nou van haar nuwe t-hemp hou! |
| Toe Palesa Bohlale se nuwe t-hemp sien, wys sy na die prentjie. “Ek wil ’n t-hemp net soos Bohlale hê!” sê sy. Bohlale kyk na haar ma en hul albei glimlag. | Ek onthou dat Ouma gesê het motors en dinosaurusse is net vir seuns. Maar kyk! Palesa hou ook van dit. Ek kan **aflei** dat nie alle meisies van dieselfde goed hou nie! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Watter tipe t-hemp wil Bohlale hê? | Sy wil ’n dinosaurus-hemp of ’n motor-hemp hê. |
| Watter hemp het haar ouma vir haar gekoop? | Ouma het vir haar ’n gewone wit t-hemp gekoop. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Wat laat jou aflei dat Bohlale ontsteld is oor haar nuwe t-hemp? | • Sy lyk hartseer by die winkel.<br>• Sy los haar sak op die kombuistafel.<br>• Sy sit op die bed en lyk ontsteld.<br>• Sy vertel haar ma alles wat gebeur het.<br>• Sy teken op haar nuwe t-hemp om dit te laat mooi lyk, want sy hou nie van die hemp wat ouma gekies het nie. |



## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)

**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.

- mening
- stem saam
- verskil
- kies

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ek dra 'n hoed | *Wys na hoed op jou kop* |
| My maatjie dra 'n broek | *Wys na jou broek* |
| En saam soek en soek ons | *Hou jou handjie bo jou oë en maak of jy soek* |
| Na 'n sakdoek | *Maak of jy jou neus uitsnuit* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 1 VAN DIE TEMA)



**1** Verdeel leerders in hul klein groepe

**2** Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.

**3** Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.

**4** Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.

**5** Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.

**6** Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!

**7** Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.

**8** Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

**STEL KLANK BEKEND**

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/oei/**
2. Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Bespreek die klank **/oei/** is die klank dieselfde of verskillend in Engels as huistaal.
4. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan ’n woord waarin **/oei/** voorkom?
5. Hou ’n dinkskrum met die leerders, bv.**: bloei, groei, vloei**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **boei, koei, loei, roei**
2. Wys elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde aan jou te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om **klein letter**(s) korrek te vorm: **oei**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Vra dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Vra daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

WEEK 5

oei oei oei oei

boei boei

koei koei

loei loei

roei roei

Die koei loei hard.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n keer toe jy 'n nuwe kledingstuk gekry het.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK:**

**Ek het ....**

**Ek het...gevoel want...**

## DEMONSTRASIE

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag ’n sin by Maandag se skryfwerk gaan voeg.
2. Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan skryf oor hoe hulle gevoel het toe hulle ’n nuwe kledingstuk gekry het.
3. Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
4. **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
5. Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek het gelukkig gevoel want ek het altyd van die trui gehou en nou is dit myne!
6. **Demonstreer** deur goed by jou prent by te voeg, soos: Jou suster, jou gesigsuitdrukking, die kleur van die trui.
7. Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek ’n lyn vir elke woord**, bv.: Ek het gelukkig gevoel want ek het van die trui gehou!
8. Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

## MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Hou ’n dinkskrum met die leerders oor gevoelswoorde
2. Skryf die woorde op die swartbord, bv.: gelukkig, ontsteld, ongemaklik, mooi, ens.
3. Vra aan leerders: Hoe voel jy oor jou nuwe kledingstuk? Hoekom?
4. Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle skryf.**
5. Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel hoe hulle gevoel het.
6. Hulle moet sê: Ek het ... gevoel want...
7. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!

WEEK 5


## SKRYFWERK

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3. Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4. Help leerders om ’n sin te skryf.
5. Moedig leerders aan.

## DRAAI EN PRAAT

1. Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2. Gee die leerders instruksie om te **draai en** met ’n maat **te praat** oor hul tekeninge.


*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek het ʼn nuwe broek gekry!



Ek voel opgewonde, want die broek is so mooi!



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentasie En Vermenging

**EK DOEN...**

1. Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2. Sê die woord: **rooi**
3. Verdeel die woord in individuele klanke: **/r/-/ooi/**
4. Sê die beginklank van die woord: **/r/**
5. Sê die eindklank van die woord: **/ooi/**
6. Skryf die woord op die swartbord: **rooi**
7. Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/r/-/ooi/ = rooi**
8. Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **boei**

**ONS DOEN...**

1. Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2. Sê die woord: **mooi**
3. Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/m/**
4. Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/ooi/**
5. Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/m/-/ooi/**
6. Skryf die woord: **mooi**
7. Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/m/-/ooi/ = mooi**
8. Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **koei**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________

# Gedeelde Lees: 15 minute


## Herhaalde Lees

### LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Bohlale se nuwe t-hemp<br><br>Dit is Saterdag. Bohlale gaan saam met haar ouma winkels toe. “Kom ons gaan!” roep Ouma. Bohlale hardloop na die kombuis toe. Bohlale en haar ouma loop verby die varke wat vreet. Hulle loop verby dogtertjies wat touspring. Hulle loop verby ’n vrou wat haar wasgoed ophang. | Bohlale hardloop na die kombuis toe. Ek kan **aflei** dat sy opgewonde is om winkels toe te gaan. |
| Uiteindelik kom hul by die hoofpad aan. Die taxi is amper daar! | -- |
| Bohlale kyk die hele pad by die venster uit. Sy sien ’n ou, stukkende motor. Sy sien ’n paar skape. Dan sien sy baie kleurvolle advertensieborde. Hulle is in die dorp! Die taxi stop. “Kom ons gaan!” sê ouma. | -- |
| Eerste gaan hulle bank toe. Toe gaan hulle poskantoor toe. Uiteindelik gaan hulle na die klerewinkel.<br><br>“Ek sal vir jou iets nuuts koop. Gaan kies iets, Bohlale” sê Ouma. | Bohlale is net opgewonde om klerewinkel toe te gaan. Ek kan **aflei** dat sy dorp toe gegaan het saam met ouma net om na die klerewinkel te gaan. |
| “Ek hou van hierdie een,” sê Bohlale, sy wys na ’n groen t-hemp met ’n prentjie van ’n dinosaurus op die voorkant.<br><br>“Dit is vir seuns,” sê Ouma.<br><br>“Ek is mal oor dinosaurusse,” sê Bohlale.<br><br>“Jy kyk na die seunsklere!” sê Ouma.<br><br>“O! Ek is mal oor hierdie een!” sê Bohlale, terwyl sy kyk na ’n t-hemp met ’n prent van ’n bakkie op die voorkant.<br><br>Ouma skud net haar kop. “Hoekom nie?” vra Bohlale. Ouma loop weg. | Ek kan **aflei** dat Bohlale en haar ouma verskillende idees het oor wat meisies moet aantrek. |
| “Wat van hierdie een?” vra Ouma.<br><br>“Ouma, ek hou nie van pienk nie,” sê Bohlale.<br><br>“Alle meisies hou van pienk!” sê Ouma.<br><br>“Wel, ek is ’n meisie en ek hou nie daarvan nie,” dink Bohlale.<br><br>“Nou maar goed. Ons sal vir jou ’n gewone wit t-hemp kry,” sê Ouma. | Kyk na die prentjie! Ek kan **aflei** dat Bohlale gefrustreerd is. Bohlale moet gefrustreerd wees, want Ouma het vir haar gesê om te kies, maar dan sê sy nee vir enige van die t-hemde waarvan Bohlale hou! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Toe Bohlale by die huis kom sit sy die inkopiesak op die kombuistafel neer en gaan na haar kamer. Sy sit op haar bed en dink aan al die t-hemde by die klerewinkel. Bohlale se ma kom haar kamer binne. Sy hou die nuwe wit t-hemp vas.<br><br>"Is dit wat jy gekies het?" vra sy.<br><br>Bohlale vertel haar ma wat by die klerewinkel gebeur het. | Bohlale moet gefrustreerd wees dat Ouma haar nie 'n t-hemp waarvan sy hou laat kies het nie.<br><br>Arme Bohlale wil nie eens haar nuwe t-hemp uit die sak haal nie! |
| "Ek het 'n idee," sê haar ma en gaan uit die kamer uit. Sy kom terug met koki penne. "Jy kan hierdie gebruik om jou eie prentjie op jou nuwe t-hemp te teken!' sê sy. Bohlale dink aan al die t-hemde waarvan sy by die winkel gehou het en begin teken. | Bohlale se ma help haar om 'n t-hemp te maak waarvan sy hou. Ek kan **aflei** dat Bohlale se ma Bohlale toelaat om enige iets te dra waarvan sy hou. |
| Later roep Bohlale se pa haar om te kom eet. Bohlale trek haar nuwe t-hemp aan. Sy kyk in die spieël. Bohlale hou van wat sy sien! Sy hardloop kombuis toe. | -- |
| Toe Palesa Bohlale se nuwe t-hemp sien, wys sy na die prentjie. "Ek wil 'n t-hemp net soos Bohlale hê!" sê sy. Bohlale kyk na haar ma en hul albei glimlag. | Bohlale glimlag vir haar ma. Ek kan **aflei** dat Bohlale se ma haar help beter voel het. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Waaroor stem Bohlale en haar ouma nie saam nie? | • Hulle stem nie saam oor die t-hemp wat Bohlale moet kry nie.<br>• Hulle stem nie saam oor wat seuns en meisies van hou nie. |
| Wat doen Bohlale se ma om haar te laat beter voel? | • Sy luister toe Bohlale hartseer voel.<br>• Sy gee haar koki penne.<br>• Sy sê vir haar sy kan enige iets teken wat sy wil. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom voel Bohlale gefrustreerd? | • Omdat Ouma "nee" gesê het vir al die t-hemde wat sy gekies het.<br>• Omdat Ouma vir haar gesê het dit waarvan sy hou is net vir seuns.<br>• Omdat Ouma vir haar gesê het sy moet van pienk hou.<br>• Omdat Ouma haar nie toegelaat het om iets te kies waarvan sy regtig hou nie. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5** het.
2. Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n Lees Oorgangsaktiwiteit.
6. Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- voorkoms
- uitkies
- stereotipe

| **Rympie of Liedjie** | **Aksies** |
|---|---|
| Ek dra 'n hoed | *Wys na hoed op jou kop* |
| My maatjie dra 'n broek | *Wys na jou broek* |
| En saam soek en soek ons | *Hou jou handjie bo jou oë en maak of jy soek* |
| Na 'n sakdoek | *Maak of jy jou neus uitsnuit* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

**1** Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie…
My gunsteling gedeelte is…
As ek Bohlale was, dink ek, ek sou…gevoel het want…
**2** Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
**3** Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
**4** Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
**5** Roep die klas tot aandag.
**6** Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
**7** Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
**8** Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: Woordsoek

15 minute

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **ooi** | **oei** | **r** |
| **m** | **n** | **f** |
| **g** | **b** | **k** |
| **l** | **u** | **a** |

### EK DOEN

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/ooi/** en **/oei/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om ’n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/r/-/ooi/ = rooi**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/ooi/ of /oei/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak, bv: **/k/-/a/-/m/ = kam**

### LEERDERS DOEN…


1 Vra aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die opskrif te skryf: **ooi, oei**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **rooi, mooi, nooi, fooi, gooi, boei, koei, loei, roei, kam, bak, raak, muur**

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________




## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: OPSOMMING / MAAK AFLEIDINGS**

**ILLUSTREER DIE STORIE**

1. Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke uit of ’n skoon stuk papier. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê
2. **Verduidelik** dat leerders afleidings gaan maak en gaan prente teken oor wat hulle dink in die storie gaan gebeur as dit sou voortgaan.
3. **Demonstreer** hoe jy ’n afleiding maak oor wat volgende in die storie kan gebeur, soos: Ek dink dat Palesa ’n gewone wit T-hemp van die winkel sal kry.
4. Teken ’n prent op die swartbord van Palesa wat ’n gewone wit T-hemp by die winkel uitkies.
5. Verduidelik aan die leerders dat hulle afleidings gaan maak oor wat volgende gaan gebeur.
6. Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
7. Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees van wat volgende gaan gebeur te teken.
8. Gee die leerders instruksie om te draai en **met ’n maat te praat** oor hul tekeninge.



## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5.**
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 1

## TERMYN 3

# Week

# 6

## TEMA:

# Klere

## Voorbereiding Van Klaskamer:

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord, deur items te verwyder wat nie meer relevant is nie – bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: prente van verskillende kledingstukke
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor klere van verskillende plekke in die wêreld.
6. Maak seker dal alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou groepbegeleide lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 26, Ons lees, Bladsy 27, Woord werk

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 28 & 29, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 30, Woord werk

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van ’n persoon wat gemaklike klere dra.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan leerders 'n prent in die Grootboek storie, <u>Die perfekte langbroek</u>, van Fadzi wat 'n nuwe langbroek aantrek.
2 Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Klere
3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a Wanneer het ons nuwe klere nodig?
   b Waarom dra ons klere?
   c Watter verskillende kledingstukke word in die wêreld gedra?
   d Hoe is diere belangrik in ons gemeenskap?

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - gemaklik
   - ongemaklik
   - grootte
   - pas

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ek dra 'n hoed | *Wys na hoed op jou kop* |
| My maatjie dra 'n broek | *Wys na jou broek* |
| En saam soek en soek ons | *Hou jou handjie bo jou oë en maak of jy soek* |
| Na 'n sakdoek | *Maak of jy jou neus uitsnuit* |

## Handskrif

15 minute

1 Vra die leerders om hulle skrifte oop te maak.
2 Sê die volgende woorde sodat die leerders dit kan neerskryf
   a **rooi**
   b **mooi**

WEEK 6

- **c** **nooi**
- **d** **fooi**
- **e** **gooi**
- **f** **boei**
- **g** **koei**
- **h** **loei**
- **i** **roei**

3. Vra leerders om ’n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4. Skryf die klanke en woorde op die swartbord.
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

## Voorlees

### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Die perfekte langbroek
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Verbeel jou jy is Fadzi. Skryf vir jou pa 'n bedankingskaartjie.

**OPDRAG:** Skryf 'n bedankingskaartjie

**SKRYFRAAMWERK:**

Liewe Pa,

Dankie vir .....

#### DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle, hulself gaan verbeel, dat hulle Fadzi van die Grootboek storie is. Hulle gaan 'n bedankingskaartjie skryf.
2 Verduidelik aan die leerders dat hulle, hulle eie kaartjies gaan maak. Neem 'n skoon vel papier en wys leerders hoe jy die papier in die helfte vou.
3 Verduidelik aan die leerders dat hulle op die voorkant van die kaartjie 'n mooi prent moet teken en die woord 'dankie' moet skryf.
4 Teken twee reghoeke op die swartbord om die voorkant en binnekant van die kaartjie voor te stel.
5 **Demonstreer** deur 'n prent aan die voorkant van die kaartjie te teken.
6 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
7 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: As ek Fadzi was, sou ek my Pa wou bedank omdat hy so geduldig was toe ek soveel langbroeke aangepas het.
8 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Liewe Pa, Dankie dat jy geduldig was toe ek langbroeke aangepas het.
9 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat die leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Hou 'n dinkskrum met die leerders oor verskillende goed waarvoor Fadzi dankbaar kan wees.
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: geduldig, gaaf, begrip, hulpvaardig ens.
3 Vra aan leerders: As jy Fadzi was, waarvoor sou jy dankbaar gewees het?
4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel waarvoor dink hulle is Fadzi dankbaar.
6 Hulle moet sê: Fadzi is dankbaar vir...
7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!

## SKRYFWERK


1 Deel skoon velle papier uit.
2 Gee leerders die instruksie om hulle vel papier in die helfte te vou soos ’n kaartjie.
3 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
4 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
5 Help leerders om ’n sin te skryf.
6 Moedig leerders aan.


## DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met ’n maat **te praat** oor hul tekeninge.
3 **Verduidelik dat ons Woensdag meer inligting by ons skrywerk gaan voeg.**

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*





## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

**STEL NUWE KLANK BEKEND**

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/eeu/**
2. Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Bespreek die klank **/eeu/** is die klank dieselfde of verskillend in Engels as huistaal.
4. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan ’n woord waarin **/eeu/** voorkom?
5. Hou ’n dinkskrum met die leerders, bv.: **sneeu, leeu**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **leeu, meeu**
2. Wys elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

_______________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. **Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: eeu**
2. **Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.**
3. **Vra dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.**
4. **Vra daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.**
5. **Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.**
6. **Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.**
7. **Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin <u>onderstreep</u>.**

eeu eeu eeu eeu

leeu leeu

meeu meeu

Daar is 'n leeu in die bos.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________



## Gedeelde Lees: 15 Minute


### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Die perfekte langbroek<br>Fadzi haat nuwe klere. Sy is mal oor die sagte, gemaklike gevoel van haar klere wat al dag na dag gedra en gewas is. Tog was dit 'n feit dat haar langbroek haar net nie meer gepas het nie. Sy wikkel haarself nou al vir maande in haar langbroek in, en daar skiet die knoop een dag af. | Agge nee! Ek **wonder** of Fadzi nou ontslae sal moet raak van haar ou, gemaklike langbroek? |
| Fadzi probeer dit wegsteek, maar haar ma sien dit en begin te lag. "Dit is nou dit! Dit is tyd vir 'n nuwe langbroek!" kondig sy aan. | Ek **wonder** of Fadzi probeer wegsteek het dat haar knoop afgeskiet het? Dit moet wees, omdat sy nie 'n nuwe langbroek wil hê nie! |
| 'n Paar dae later, toe Fadzi en haar pa saam winkels toe gaan, is sy die hele pad dikmond. "Ek wil nie 'n nuwe langbroek hê nie!" dink sy. | -- |

| **Teks** | **Aanvangslees (Dink hardop)** |
|---|---|
| Fadzi se pa help haar om verskillende style van langbroeke in haar grootte bymekaar te sit. Sy neem hulle na die aanpaskamer. “Ek sal buite wag. Laat weet my wanneer jy ’n langbroek kry waarvan jy hou,” sê hy. | Ek **wonder** of Fadzi ’n langbroek gaan kry waarvan sy so baie hou soos haar ou langbroek? |
| Eerste, pas Fadzi ’n swart langbroek aan. “Miskien is dit nie te sleg nie?” dink sy soos sy dit van die hanger afhaal, maar wanneer sy dit aantrek is dit ongemaklik. Dit voel grof en krapperig teen haar vel. “Ek wil nie ’n nuwe langbroek hê nie!” dink sy. | Fadzi gaan definitief nie daardie langbroek kry nie, want dit voel nie lekker nie! Ek **wonder** watter langbroek sy gaan kry? |
| Volgende, pas Fadzi ’n stylvolle donkerblou jean aan.<br>“Miskien sal ek goed lyk hierin?” dink sy soos sy dit van die hanger afhaal, maar wanneer sy dit aantrek is die materiaal hard. Sy voel asof sy skaars kan beweeg. Wanneer sy probeer om te buk, druk die band haar middel.<br>“Ek wil nie ’n nuwe langbroek hê nie!” dink sy. | Daardie blou jean is nie gemaklik nie, so Fadzi gaan dit definitief nie koop nie. Ek **wonder** of sy ’n langbroek gaan kry waaroor sy mal is? |
| Na dit, pas Fadzi ’n helderrooi langbroek aan.<br>“Miskien sal dit gemaklik wees?”dink sy soos sy dit van die hanger afhaal, maar wanneer sy dit aantrek voel dit sakkerig. Die broek voel swaar en sy is bekommerd dit sal afval as sy met dit hardloop en speel. “Ek wil nie ’n nuwe langbroek hê nie!” dink sy. | -- |
| “Hoe gaan dit daar binne?” roep Fadzi se pa van buite die aanpaskamer.<br>“Ek kan nie ’n langbroek kry waarvan ek hou nie,” sê sy en trek haar ou, perfekte langbroek weer aan. | Ek **wonder** watter langbroek Fadzi gaan kry. Sy kan nie vir ewig haar ou langbroek dra nie! |
| Toe Fadzi haar pa kry, staan hy langs ’n rak met sagte rompe met ’n blompatroon. Fadzi se oë helder op. “Wat hiervan?” vra sy, “kan ek van hierdie rompe aanpas?”<br>“Hou jy meer daarvan as van die langbroeke?” vra hy. Fadzi knik ja. | O! Ek **wonder** of sy ’n romp sal kry waarvan sy hou? |
| Toe Fadzi die romp aanpas, weet sy dit is reg. Die materiaal is sag. Dit voel syerig teen haar vel. Die romp voel nie styf nie. Toe sy gaan sit, rek dit perfek op al die regte plekke. Dit voel so gemaklik soos haar ou, perfekte langbroek. | Fadzi het nie ’n nuwe langbroek gekry nie, in plaas daarvan het sy ’n nuwe romp gekry. |
| Fadzi het dalk nie die perfekte langbroek gekry nie, maar sy het definitief die perfekte romp gekry. | |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Watter tipe langbroeke het Fadzi aangepas? | Sy het ’n swart langbroek, donkerblou jeans en ’n helderrooi langbroek aangepas. |
| Wat het Fadzi in die winkel gekry? | Sy het ’n nuwe, perfekte romp gekry. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Fadzi nie ’n nuwe langbroek gekry nie? | • Omdat sy eerder ’n romp gekry het.<br>• Omdat nie een van die langbroeke gemaklik gevoel het, maar die romp het gemaklik gevoel.<br>• Omdat die swart langbroek wat sy aangepas het grof en krapperig teen haar vel gevoel het.<br>• Omdat die blou jean wat sy aangepas het styf gevoel het.<br>• Omdat die rooi langbroek wat sy aangepas het swaar en sakkerig gevoel het.<br>• Omdat die romp reg gevoel het toe sy dit aangepas het! |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- sakkerig
- los
- styf

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ek dra 'n hoed | *Wys na hoed op jou kop* |
| My maatjie dra 'n broek | *Wys na jou broek* |
| En saam soek en soek ons | *Hou jou handjie bo jou oë en maak of jy soek* |
| Na 'n sakdoek | *Maak of jy jou neus uitsnuit* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 2 VAN DIE TEMA)



1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

#### STEL KLANK BEKEND

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/bl/**
2. Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Bespreek die klank **/bl/** is die klank dieselfde of verskillend in Engels as huistaal.
4. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord waarin **/bl/** voorkom?
5. Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv. **: blom, blaar, blik**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **bloei, blaar, blom, bleek, blik**
2. Wys elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

______________________________________________________



## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **bl**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Vra leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Vra leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

bl bl bl bl

bloei bloei

blaar blaar

blom blom

bleek bleek

blik blik

Elke blom het ’n blaar.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Verbeel jou jy is Fadzi. Skryf vir jou pa 'n bedankingskaartjie.

**OPDRAG:** Skryf 'n bedankingskaartjie

**SKRYFRAAMWERK:**

Liewe Pa,

Dankie vir...

Ek voel...

Met liefde, Fadzi

#### DEMONSTRASIE

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag 'n sin by die kaartjie wat hulle Maandag geskryf het gaan voeg.
2. Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
3. **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
4. Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: As ek Fadzi was, sou ek gelukkig gevoel het **as** my Pa my toegelaat het om 'n romp te koop in plaas van 'n langbroek.
5. Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Ek voel gelukkig dat Pa my toegelaat het om 'n romp te koop in plaas van 'n langbroek.
6. Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Hou 'n dinkskrum met die leerders oor gevoelswoorde
2. Skryf die woorde op die swartbord, bv: gelukkig, dankbaar, gemaklik, ens.
3. Vra aan leerders: As jy Fadzi was, hoe sou jy gevoel het?
4. Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle skryf.**
5. Vra 2–3 leerders om jou te vertel hoe hulle sou voel as hulle Fadzi was.
6. Hulle moet sê: Ek voel...
7. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!

### SKRYFWERK


1 Deel leerders se kaartjies uit. Gee leerders die instruksie om binne in hulle kaartjies te skryf.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om 'n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.


### DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hul tekeninge.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder* ***ooghoogte*** *in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*





## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentasie En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **leeu**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/l/-/eeu/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/l/**
5 Sê die eindklank van die woord: **/eeu/**
6 Skryf die woord op die swartbord: **leeu**
7 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/l/-/eeu/ = leeu**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **blaar**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **meeu**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/m/**
4 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/eeu/**
5 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/m/-/eeu/**
6 Skryf die woord: **meeu**
7 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/m/-/eeu/ = meeu**
8 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **blik**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 minute


### Herhaalde Lees

**LEESTRATEGIE: MAAK VERBINDINGS**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Die perfekte langbroek<br>Fadzi haat nuwe klere. Sy is mal oor die sagte, gemaklike gevoel van haar klere wat al dag na dag gedra en gewas is. Tog was dit 'n feit dat haar langbroek haar net nie meer gepas het nie. Sy wikkel haarself nou al vir maande in haar langbroek in, en daar skiet die knoop een dag af. | Ek kan 'n **afleiding maak**! Dit herinner my aan 'n pajamabroek wat ek op 'n stadium gehad het. Ek het dit elke aand gedra – totdat dit 'n groot gat ingekry het! |
| Fadzi probeer dit wegsteek, maar haar ma sien dit en begin te lag. "Dit is nou dit! Dit is tyd vir 'n nuwe langbroek!" kondig sy aan. | Selfs toe my pajamabroek geskeur het, wou ek dit hou, want dit was so gemaklik! Ek dink Fadzi wil haar gemaklike broek hou, **net soos** ek, want sy probeer wegsteek dat haar knoop weg is! |
| 'n Paar dae later, toe Fadzi en haar pa saam winkels toe gaan, is sy die hele pad dikmond. "Ek wil nie 'n nuwe langbroek hê nie!" dink sy. | Ek dink Fadzi moet gefrustreerd wees dat sy nie meer haar ou langbroek kan dra nie, net soos ek gevoel het! |
| Fadzi se pa help haar om verskillende style van langbroeke in haar grootte bymekaar te sit. Sy neem hulle na die aanpaskamer. "Ek sal buite wag. Laat weet my wanneer jy 'n langbroek kry waarvan jy hou," sê hy. | -- |
| Eerste, pas Fadzi 'n swart langbroek aan. "Miskien is dit nie te sleg nie?" dink sy soos sy dit van die hanger afhaal, maar wanneer sy dit aantrek is dit ongemaklik. Dit voel grof en krapperig teen haar vel. "Ek wil nie 'n nuwe langbroek hê nie!" dink sy. | Ek kan 'n **verband** sien met Fadzi. Ek hou nie daarvan om nuwe klere aan te pas wat nie lekker teen my vel voel nie. |
| Volgende, pas Fadzi 'n stylvolle donkerblou jean aan.<br>"Miskien sal ek goed lyk hierin?" dink sy soos sy dit van die hanger afhaal, maar wanneer sy dit aantrek is die materiaal hard. Sy voel asof sy skaars kan beweeg. Wanneer sy probeer om te buk, druk die band haar middel.<br>"Ek wil nie 'n nuwe langbroek hê nie!" dink sy. | Ek weet dat dit moeilik kan wees om 'n jean te kry wat gemaklik sit. Dit moet frustrerend wees vir Fadzi. Sy het 'n langbroek gehad waaroor sy mal was, maar nou voel al die langbroeke wat sy aanpas nie gemaklik nie. |
| Na dit, pas Fadzi 'n helderrooi langbroek aan.<br>"Miskien sal dit gemaklik wees?"dink sy soos sy dit van die hanger afhaal, maar wanneer sy dit aantrek voel dit sakkerig. Die broek voel swaar en sy is bekommerd dit sal afval as sy met dit hardloop en speel. "Ek wil nie 'n nuwe langbroek hê nie!" dink sy. | As ek Fadzi was, sou ek baie gefrustreerd wees dat nie een van die langbroeke wat ek aanpas reg voel nie. Ek weet ek sal my ou langbroek mis. Ek is seker Fadzi voel gefrustreerd! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| “Hoe gaan dit daar binne?” roep Fadzi se pa van buite die aanpaskamer.<br>“Ek kan nie ’n langbroek kry waarvan ek hou nie,” sê sy en trek haar ou, perfekte langbroek weer aan. | As dit ek was, sou ek dankbaar wees dat iemand belangstel in my. |
| Toe Fadzi haar pa kry, staan hy langs ’n rak met sagte rompe met ’n blompatroon. Fadzi se oë helder op. “Wat hiervan?” vra sy, “kan ek van hierdie rompe aanpas?”<br>“Hou jy meer daarvan as van die langbroeke?” vra hy. Fadzi knik ja. | -- |
| Toe Fadzi die romp aanpas, weet sy dit is reg. Die materiaal is sag. Dit voel syerig teen haar vel. Die romp voel nie styf nie. Toe sy gaan sit, rek dit perfek op al die regte plekke. Dit voel so gemaklik soos haar ou, perfekte langbroek.<br>Fadzi het dalk nie die perfekte langbroek gekry nie, maar sy het definitief die perfekte romp gekry. | O! Fadzi het op die ou einde nie ’n langbroek gekry nie, maar sy het ’n romp gekry. As ek Fadzi was, sou ek baie verlig wees dat ek iets so gemaklik gekry het om te dra! |

5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

**STEL NUWE KLANK BEKEND**

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/br/**
2. Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Bespreek die klank **/br/** is die klank dieselfde of verskillend in Engels as huistaal.
4. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord waarin **/br/** voorkom?
5. Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **brand, breek, brein**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **brug, brak, bril, bros, braai**
2. Wys elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. **Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: br**
2. **Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.**
3. **Vra leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.**
4. **Vra leerders om die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.**
5. **Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.**
6. **Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.**
7. **Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.**

br br br br

brug brug

brak brak

bril bril

bros bros

braai braai

Die brak sit onder die brug.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

# Gedeelde Lees: 15 Minute


## Aanvangslees

### BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Toe Mogau met skool begin het, was hy mal daaroor. Hy was mal oor sy onderwyser, Mnr. Lehoko. Hy was mal oor sy vriende Khomotjo en Bokang. Hy was mal daaroor om na stories te luister.<br><br>Deesdae is Mogau nie meer so mal oor skool nie. Hy is steeds mal oor Mnr. Lehoko. Hy is steeds mal oor Khomotjo en Bokang. Hy is mal daaroor om na stories te luister, maar Mogau is die hele dag bang by die skool, want hy kan nie lees nie. Aan die begin het nie een van die kinders hulle klanke geken nie en net 'n paar kon hul name lees, maar nou voel dit vir Mogau asof hy die enigste een is wat dit nie verstaan nie. Wat as ek nooit leer om te lees nie? Mogau is baie bekommerd. Wat as daar iets fout is met my? Wat as, wat as, wat as...? | Ek **wonder** hoekom Mogau die hele dag bang is? Hy moet bang wees sy onderwysers en die ander leerders vind uit hy kan nie lees nie. |
| Een dag, roep Mnr. Lehoko vir Mogau om sy klanke te kom lees. Gewoonlik is Mogau mal daaroor om geroep te word, maar nie hierdie keer nie. Hy ken nie sy klanke nie. Mogau maak asof hy die badkamer moet gebruik en hardloop vinnig uit die klas. | Ek **wonder** hoekom Mogau uit die klas hardloop? Ek dink dit is omdat hy nie wil hê die ander moet sien hy kan nie sy klanke lees nie! |
| Die volgende week, roep Mnr. Lehoko Mogau om vorentoe toe te kom om die sigwoord van die dag te lees. Gewoonlik is Mogau mal daaroor om voor in die klas te gaan staan, maar nie vandag nie. Hy ken nie die sigwoord nie. Mogau maak asof sy maag pyn, hy sit sy kop op sy tafel en probeer siek lyk. | Ek **wonder** hoekom Mogau maak asof hy siek is? Hy wil nie hê die ander moet sien hy kan nie die sigwoord van die dag lees nie! |
| 'n Week later, vra Mnr. Lehoko Mogau om gedurende pouse met hom te kom praat. Mogau eet stadig sy kos. Sy gedagtes spring rond. Wat as Mnr. Lehoko op my skree? Wat as hy vir my sê ek is dom? Wat as, wat as, wat as...? | Ek **wonder** hoekom Mnr. Lehoko met Mogau wil praat? |
| Mogau gaan uiteindelik en gaan sit by Mnr. Lehoko se tafel, sy kop hang.<br><br>"Wat is fout?" vra Mnr. Lehoko vrolik. | O! Mnr. Lehoko besef Mogau kan nie lees nie, maar hy is nie kwaad nie. Ek **wonder** hoekom Mogau so bang was? |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Mogau kyk verras op. Mnr.Lehoko lyk nie kwaad nie – hy glimlag.<br>“Ek het opgelet dat jy sukkel met jou klanke en om jou sigwoorde te lees. Dit is geen probleem nie – ons leer almal verskillend,” sê Mnr. Lehoko sag.<br>“Ek is die enigste een! Wat as ek net nie kan leer lees nie!” antwoord Mogau.<br>“Nee, nee jy is nie die enigste een nie! Daar is ander leerders wat net soos jy voel. Ons sal saam ’n spesiale groep hê. Op daardie manier, kan ek julle help om julle klanke en sigwoorde te leer.” | |
| Die volgende dag, na skool, bly Mogau op sy stoel sit wanneer die res van die klas huis toe gaan. Hy kyk rond. Kelebogang en Mojakisani sit ook nog in hulle stoele. Hy glimlag vir hulle. | Ek **wonder** hoe Mogau voel toe hy sien daar is ook ander leerders wat hulp nodig het? Hy moet verlig wees. |
| Mnr. Lehoko roep hulle voor na die mat toe. Hy wys hul drie klanke: /m/p/ en /a/. Hulle oefen ’n paar maal om die klanke te lees. Toe sit hy die klanke neer op die mat. “Mogau, kan jy die klanke gebruik om die woord ‘ma’ te bou?” vra hy. | Ek **wonder** of Mogau dit sal kan doen? |
| Mogau ken hierdie klanke. Eerste neem hy die ‘m’ en lees die klank ‘m’. Toe, neem hy die ‘a’ kaart en lees die klank ‘a’. Hy sit die ‘a’ langs die ‘m’. Toe klank hy die woord: /m/ /a/ – ma.<br>“Jy is ’n leser!” sê Mnr. Lehoko opgewonde. | -- |
| Aan die einde van die les, hardloop Kelebogang, Mojakisani en Mogau saam na die speelgronde. Hulle speel totdat die skoolhoof uit haar kantoor kom en vir hulle sê hulle moet huis toe gaan voor dit donker is. | -- |
| Soos wat Mogau huis toe loop, straal hy. Wat as hy die beste leser in die klas word? Wat as ek nuwe vriende maak? Wat as, wat as, wat as...? | Ek **wonder** hoekom Mogau straal? Dit moet wees omdat skool nie meer so sleg is, noudat hy ’n leser is nie. |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wanneer het Mnr. Lehoko vir Mugau en die ander leerders wat ekstra hulp nodig het ontmoet? | Hy het hulle na skool ontmoet. |
| Wie was die ander leerders wat hulp nodig gehad het met lees? | Kelebogang en Mojakisani het ook hulp nodig gehad met hulle lees. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Mogau nie meer van skool gehou nie? | • Omdat hy nie kon lees nie.<br>• Omdat hy die hele dag by die skool bang was omdat hy nie soos die ander leerders kon lees nie.<br>• Omdat hy bekommerd was dat hy nooit sou leer om te lees nie.<br>• Omdat hy bekommerd was dat daar iets fout was met hom.<br>• Omdat hy bang was Mnr. Lehoko sal op hom skree as hy uitvind hy kan nie lees nie.<br>• Omdat hy gedink het hy is die enigste leser in die klas wat nie weet hoe om te lees nie. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

**TEMA WOORDESKAT**

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- klanke
- meng
- bou

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Lees is ’n fees | *Maak of jy lees* |
| Stories is pret | *Maak of jy lees* |
| Onthou as jy my soek | *Hou jou handjie bo jou oë en maak of jy soek* |
| Sit ek net hier met my boek! | *Maak of jy lees* |

**KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 2 VAN DIE TEMA)**

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elk ’n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan ’n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan die leerders ’n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep ’n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Klanke En Woorde Bekend

#### STEL KLANK BEKEND

1. Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien : **/sn/**
2. Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
3. Bespreek die klank **/sn/** is die klank dieselfde of verskillend in Engels as huistaal.
4. Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord waarin **/sn/** voorkom?
5. Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv. **: sneeu, sny, snaaks**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **snik, snip, snaaks, snak**
2. Wys elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

_______________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om klein letter(s) korrek te vorm: **sn**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Vra leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Vra leerders daarna om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys ten einde weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin <u>onderstreep</u>.

sn sn sn sn

snik snik

snip snip

snaaks snaaks

snak snak

Hy snak na sy asem.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor ’n keer toe jy skaam of verleë gevoel het, soos Mogau.

**OPDRAG:** Teken ’n prent en skryf ’n sin daarby. Dit sal deel vorm van ’n klasboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:**

Ek het skaam/verleë gevoel toe...

Ek het beter gevoel toe...

#### DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag ’n sin by Maandag se skryfwerk gaan voeg.
2 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag <u>oor iets gaan skryf wat hulle beter laat voel het.</u>
3 Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
4 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
5 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek het beter gevoel toe my vriendin my vertel het dat daar ’n vuil kol op my broek was en sy my gehelp het om dit af te vee.
6 **Demonstreer** deur goed by jou prent by te voeg, soos: hoe jy met jou vriendin gesels
7 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek ’n lyn vir elke woord**, bv.: <u>Ek het beter gevoel toe my vriendin my gehelp het om die kol af te vee.</u>
8 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Hou ’n dinkskrum <u>met die leerders oor wat ons beter sal laat voel as ons skaam of verleë voel.</u>
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv: <u>vriend, vriendin, praat, huil, ma, onderwyser, ens.</u>
3 Vra aan leerders: <u>Wat het jou laat beter voel toe jy skaam of verleë gevoel het.</u>
4 Sê aan die leerders **om te dink voordat hulle skryf.**
5 Vra 2–3 leerders om <u>jou te vertel wat hulle laat beter voe het.</u>
6 Hulle moet sê: <u>Ek het beter gevoel toe...</u>
7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!


## SKRYFWERK

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om ’n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.


## DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om te **draai en** met ’n maat **te praat** oor hul tekeninge.


*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek het skaam gevoel omdat ek gemeen was met my vriend.



Ek het beter gevoel nadat ek jammer gesê het.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentasie En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **brak**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/br/-/a/-/k/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/br/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/a/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/k/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **brak**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/br/-/a/-/k/** = **brak**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **snik**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **bril**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/br/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/i/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/l/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/br/-/i/-/l/**
7 Skryf die woord: **bril**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/br/-/i/-/l/** = **bril**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **snaaks**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute


### Herhaalde Lees

**LEESSTRATEGIE: VISUALISEER**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Mogau leer lees<br><br>Toe Mogau met skool begin het, was hy mal daaroor. Hy was mal oor sy onderwyser, Mnr. Lehoko. Hy was mal oor sy vriende Khomotjo en Bokang. Hy was mal daaroor om na stories te luister.<br><br>Deesdae is Mogau nie meer so mal oor skool nie. Hy is steeds mal oor Mnr. Lehoko. Hy is steeds mal oor Khomotjo en Bokang. Hy is mal daaroor om na stories te luister, maar Mogau is die hele dag bang by die skool, want hy kan nie lees nie. Aan die begin het nie een van die kinders hulle klanke geken nie en net 'n paar kon hul name lees, maar nou voel dit vir Mogau asof hy die enigste een is wat dit nie verstaan nie. Wat as ek nooit leer om te lees nie? Mogau is baie bekommerd. Wat as daar iets fout is met my? Wat as, wat as, wat as...? | -- |
| Een dag, roep Mnr. Lehoko vir Mogau om sy klanke te kom lees. Gewoonlik is Mogau mal daaroor om geroep te word, maar nie hierdie keer nie. Hy ken nie sy klanke nie. Mogau maak asof hy die badkamer moet gebruik en hardloop vinnig uit die klas. | Ek kan myself **voorstel** hoe Mogau baie skaam is wanneer hy geroep word, want hy kan nie sy klanke lees nie. |
| Die volgende week, roep Mnr. Lehoko Mogau om vorentoe toe te kom om die sigwoord van die dag te lees. Gewoonlik is Mogau mal daaroor om voor in die klas te gaan staan, maar nie vandag nie. Hy ken nie die sigwoord nie. Mogau maak asof sy maag pyn, hy sit sy kop op sy tafel en probeer siek lyk. | Ek kan myself **voorstel** hoe geskok Mogau lyk wanneer hy weer geroep word. Hy wil regtig nie hê iemand moet weet hy kan nie lees nie! |
| 'n Week later, vra Mnr. Lehoko Mogau om gedurende pouse met hom te kom praat. Mogau eet stadig sy kos. Sy gedagtes spring rond. Wat as Mnr. Lehoko op my skree? Wat as hy vir my sê ek is dom? Wat as, wat as, wat as...? | Ek kan myself **voorstel** hoe Mogau elke happie stadig eet, want hy voel bang dat Mnr. Lehoko weet! |
| Mogau gaan uiteindelik en gaan sit by Mnr. Lehoko se tafel, sy kop hang.<br><br>"Wat is fout?" vra Mnr. Lehoko vrolik. | Ek kan myself **voorstel** hoe verras Mogau moet wees wanneer Mnr. Lehoko baie vriendelik met hom praat. Hy het gedink Mnr. Lehoko gaan kwaad wees dat hy nie kan lees nie, maar hy is nie! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Mogau kyk verras op. Mnr.Lehoko lyk nie kwaad nie – hy glimlag.<br><br>"Ek het opgelet dat jy sukkel met jou klanke en om jou sigwoorde te lees. Dit is geen probleem nie – ons leer almal verskillend," sê Mnr. Lehoko sag.<br><br>"Ek is die enigste een! Wat as ek net nie kan leer lees nie!" antwoord Mogau.<br><br>"Nee, nee jy is nie die enigste een nie! Daar is ander leerders wat net soos jy voel. Ons sal saam 'n spesiale groep hê. Op daardie manier, kan ek julle help om julle klanke en sigwoorde te leer." | |
| Die volgende dag, na skool, bly Mogau op sy stoel sit wanneer die res van die klas huis toe gaan. Hy kyk rond. Kelebogang en Mojakisani sit ook nog in hulle stoele. Hy glimlag vir hulle. | Ek kan myself **voorstel** hoe Mogau 'n sug van verligting slaak toe hy sien hy is nie die enigste leerder wat hulp nodig het nie. |
| Mnr. Lehoko roep hulle voor na die mat toe. Hy wys hul drie klanke: /m/p/ en /a/. Hulle oefen 'n paar maal om die klanke te lees. Toe sit hy die klanke neer op die mat. "Mogau, kan jy die klanke gebruik om die woord 'ma' te bou?" vra hy. | Ek kan myself **voorstel** hoe Mogau se hart vinnig klop wanneer dit sy beurt is om 'n woord te bou, want ek weet dit maak hom bang om te lees. |
| Mogau ken hierdie klanke. Eerste neem hy die 'm' en lees die klank 'm'. Toe, neem hy die 'a' kaart en lees die klank 'a'. Hy sit die 'a' langs die 'm'. Toe klank hy die woord: /m/ /a/ – ma.<br><br>"Jy is 'n leser!" sê Mnr. Lehoko opgewonde. | Ek kan myself **voorstel** hoe verras Mogau moet lyk wanneer Mnr. Lehoko vir hom sê hy is 'n leser! |
| Aan die einde van die les, hardloop Kelebogang, Mojakisani en Mogau saam na die speelgronde. Hulle speel totdat die skoolhoof uit haar kantoor kom en vir hulle sê hulle moet huis toe gaan voor dit donker is. | -- |
| Soos wat Mogau huis toe loop, straal hy. Wat as hy die beste leser in die klas word? Wat as ek nuwe vriende maak? Wat as, wat as, wat as...? | Ek kan myself Mogau se groot glimlag **voorstel** soos wat hy huis toe loop. Ek dink hy gaan weer lief raak vir skool, nou dat hy nie meer bang is dat Mnr. Lehoko uitvind dat hy nie kan lees nie. |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Hoe het Mogau gedink gaan Mnr. Lehoko voel as hy uitvind Mogau kan nie lees nie? | Hy het gedink Mnr. Lehoko gaan kwaad wees. |
| Hoe dink jy gaan Mogau nou oor skool voel? | Ek dink hy gaan …….. voel, want… |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom dink jy wou Mnr. Lehoka na skool vir Mogau ontmoet? | • Omdat hy vir Mogau ekstra hulp wou gee.<br>• Omdat hy kon sien Mogau is skaam. Hy wou nie hê die ander leerders moet weet dat Mogau (en Kelebogang en Mojakisani) sukkel om te lees nie.<br>• Hy wou die kinders wat sukkel sy volle aandag gee.<br>• Hy wou Mogau, Kelebogang en Mojakisani laat sien dat hulle lesers is! |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- straal
- trots
- verligting
- verlig

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Lees is 'n fees | *Maak of jy lees* |
| Stories is pret | *Maak of jy lees* |
| Onthou as jy my soek | *Hou jou handjie bo jou oë en maak of jy soek* |
| Sit ek net hier met my boek! | *Maak of jy lees* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie…
Ek dink Moagu het…gevoel want…
As ek Mogau was…
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **br** | **sn** | **a** |
| **k** | **u** | **g** |
| **o** | **s** | **i** |
| **p** | **l** | **e** |

#### DEMONSTRASIE

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/br/** en **/sn/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woord te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/br/-/u/-/g/** = **brug**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/br/ of /sn/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/s/-/o/-/g/ = sog**

#### LEERDERS DOEN...

1 Vra leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die opskrif te skryf: **br, sn**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **brug, brak, bril, bros, braai, snik, snip, snaaks, snak, sog, sus, lip, geel, koek, laai**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: VISUALISEER**

**ILLUSTREER DIE STORIE**

1. Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke uit of 'n skoon vel papier. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê
2. V**erduidelik** hoe jy iets uit die teks gaan **visualiseer en teken,** oor wat volgende gaan gebeur as die storie sou aan gaan.
3. Teken 'n prent op die swartbord van Mogau wat verleë lyk.
4. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou gaan visualiseer oor iets wat in die teks gebeur het.
5. Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
6. Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees van wat volgende gaan gebeur te teken.
7. Gee die leerders instruksie **om te draai en met 'n maat te praat** oor hul tekeninge.

## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8.**
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 1

## TERMYN 3

# Week

# 9

# TEMA:

## Hou ons liggame gesond en veilig

## Voorbereiding Van Klaskamer:

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: maak 'n plakkaat van goed wat veilig of onveilig is
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor hoe ons, ons liggame gesond en veilig kan hou.
6. Maak seker dal alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou groepbegeleide lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 42, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 43, Pret

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 61, Ons skryf & Bladsy 45, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prent van iets wat jy doen om jou liggaam gesond en veilig te hou.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie: Lesego voel ongemaklik!
2 Vertel aan leerders dat ons ’n nuwe tema begin: Hou ons liggame gesond en veilig
3 Teken ’n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a Wat is gesond vir ons liggame?
   b Wat is ongesond vir ons liggame?
   c Wat kan ons doen om veilig te bly?
   d Wat is onveilig vir ons?

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - angstig
   - gesond
   - ongesond
   - vertroue

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Vitamiene, minerale en proteïene | *Tel die drie goed op jou vingers af* |
| Dit alles maak my groot en sterk | *Maak spiere* |
| En laat my lyfie lekker werk | *Maak spiere* |

## Handskrif 15 minute

1 Vra die leerders om hul skrifte oop te maak.
2 Sê die volgende klanke en woorde sodat die leerders dit kan neerskryf.
   a **boek**
   b **dier**
   c **huis**
   d **neus**

- **e** **haai**
- **f** **blom**
- **g** **sluit**
- **h** **twee**
- **i** **leeu**
- **j** **koei**

3 Volgende, vra leerders om hul kleurpotlode te gebruik om hul eie werk na te sien.
4 Skryf die klanke en woorde duidelik op die swartbord.
5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Lesego voel ongemaklik
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor iemand wat jy vertrou

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK: Ek vertrou...**

## DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor iemand wat hulle vertrou gaan skryf
2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek vertrou my broer. Ek kan enigiets vir hom vertel. Ek voel beter as ek hom van my probleme vertel het.
4 **Demonstreer** deur 'n prent van jouself en jou broer wat gesels te teken.
5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Ek vertrou my broer
6 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat die leerders hul eie idees moet neerskryf.

## MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Hou 'n dinkskrum met die leerders oor mense wat ons kan vertrou.
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: Suster, broer, onderyser, tannie, oom, ouma, ens.
3 Vra aan leerders: Wie vertrou jy?
4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel van iemand wat hulle vertrou.
6 Hulle moet sê: Ek vertrou...
7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!


## SKRYFWERK

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om 'n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.

## DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie **om te draai en** met 'n maat **te praat** oor hul tekeninge.
3 **Verduidelik dat ons Woensdag meer inligting by ons skrywerk gaan voeg.**

*Hang leerders se skryfwerk op* ***leerder*** *ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek vertrou my suster.

## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersiening van klanke en woorde

**HERSIEN KLANKE**

1. Sê die klank en hou die flitskaarte op van al die klanke wat in die termyn gedek is: **/uu/ /oe/ /ie/ /ui/ /ou/ /eu/ /ei/ /aai/ /ooi/ /oei/ /eeu/ /bl/ /sl/ /tw/ /br/ /sn/**
2. Wys die flitskaarte in verskillende volgorde en vra individule leerders om die klanke te lees.
3. Plaas die klankkaarte op die swartbord.
4. Vra verskillende leerders om woorde op die swartbord te kom bou met die klankkaarte.
5. Vra dan die leerders om so veel as moontlik woorde te bou en in hulle skrifte te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

1. Wys die leerders op die swartbord hoe om kort sinne te skryf.
2. Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en 'n punt aan die einde kry.
3. Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

Jy kan nie brei met klei nie.

Die woud is baie oud.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute


### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Lesego voel ongemaklik<br><br>Lesego sit angstig op haar bed. Haar ma het haar gesê dat oom Tumelo Sondag kom vir middagete. Lesego hou nie daarvan wanneer oom Tumelo kom kuier nie. Sy hou nie van die manier waarop hy haar druk nie. Sy hou nie van die manier waarop hy haar op haar lippe soen nie. | -- |
| Mapule, Lesego se ouer suster, kom die kamer binne.<br><br>“Wat is verkeerd Lesego?” vra sy.<br><br>“Niks,” jok Lesego.<br><br>Mapule gaan sit langs haar. “Ek kan sien iets is verkeerd!” sê sy. “Vertel my!” | Ek **wonder** hoekom Lesego bang is om haar suster te vertel? Sy moet dink haar gevoelens is sleg of verkeerd! |
| “Ek hou nie daarvan wanneer oom Tumelo kom kuier nie. Ek voel net ... ek weet nie,” sê Lesego. “Moenie vir iemand vertel nie! Ek wil nie hê mamma moet kwaad wees vir my nie!”<br><br>“Ek weet hoe jy voel. Ek hou ook nie daarvan as hy my op die lippe soen nie,” sê Mapule. “Ek dink ons moet vir mamma vertel. Dit is ’n ernstige saak as iemand ons ongemaklik laat voel!” | Ek **wonder** hoekom Lesego bang is om haar ma te vertel? O! Dit moet wees omdat sy bang is haar ma sê haar gevoelens is verkeerd! |
| “Nee! Sy gaan kwaad wees vir ons as ons nare goed oor haar broer sê. Ek wil haar nie kwaad maak nie!” huil Lesego.<br><br>“Ek weet dit maak mens bang, maar miskien is dit die moeite werd! Miskien kan sy ons beter laat voel. Indien nie, vertel ons haar ten minste saam,” sê Mapule, terwyl sy Lesego se hand vashou. | Ek **wonder** hoekom Mapule nie bang is nie? Sy moet voel hul gevoelens is reg. |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Mapule en Lesego kry hulle ma waar sy besig is om middagete te maak. "Mamma, ons moet met jou praat," sê Mapule braaf. Toe vertel Mapule hulle ma dat oom Tumelo hulle ongemaklik laat voel. | -- |
| Mamma neem 'n diep teug asem. Lesego dink sy is besig om reg te maak om te skree.<br>"Ek is bly julle sê my. Julle moet dit nooit geheim hou wanneer iemand julle ongemaklik laat voel nie. Dit is 'n belangrike gevoel wat jy nie moet ignoreer nie. Ek sal met hom praat."<br>"Mapule, ek wil nooit hê dat jy of Lesego ooit alleen saam met hom is nie," sê hulle ma ernstig. "Bly altyd bymekaar wanneer julle by oom Tumelo is." | -- |
| Lesego en Mapule gaan buitentoe om te speel. Dan sien Lesego deur die kombuisvenster hoe haar ma op die telefoon praat. Lesego is bekommerd oor wat haar ma vir oom Tumelo gaan sê. Sy weet sy moenie luister nie, maar sy kan dit nie help nie. Sy hardloop en gaan sit onder die kombuisvenster. | Ek **wonder** hoekom Lesego bekommerd is? Sy moet steeds voel dat haar gevoelens oor oom Tumelo verkeerd is. |
| "Tumelo," sê haar ma in 'n ernstige stem, "die meisies voel ongemaklik wanneer mans, anders as hulle pa, hulle druk en soen. Respekteer asseblief hulle gevoelens – gee hulle net 'n 'high five' wanneer jy hulle groet." | -- |
| Toe oom Tumelo uiteindelik deur die deur loop, het hy nie probeer om die meisies te druk of te soen nie. Hy het net gesê, "Môre, Mapule en Lesego," en vriendelik vir hulle gewaai. | Ek **wonder** hoe voel Lesego nou? Sy moet sien dat haar gevoelens reg en belangrik was. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat laat Lesego ongemaklik voel? | Oom Tumelo laat haar ongemaklik voel. |
| Vir wie vertel Lesego dat sy ongemaklik voel? | Sy vertel haar suster Mapule. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Kom ons **evalueer** saam. Dink jy Lesego se gevoelens was reg of verkeerd? | • Ek dink Lesego se gevoelens was reg want ...<br>• Ek dink Lesego se gevoelens was verkeerd want ... |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

**TEMA WOORDESKAT**

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- dapper
- ignoreer
- onder

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Vitamiene, minerale en proteïene | *Tel die drie goed op jou vingers af* |
| Dit alles maak my groot en sterk | *Maak spiere* |
| En laat my lyfie lekker werk | *Maak spiere* |

**KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 1 VAN DIE TEMA)**

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.





## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersiening van klanke en woorde

**HERSIEN WOORDE**

1. Jy moet jou klankkaarte gereed hê vir hierdie les..
2. Vertoon elke woord apart en vra verskillende leerders om dit te lees.
3. As leerders nie ’n woord kan lees nie, help hulle om die woord te klank.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

1. Wys die leerders op die swartbord hoe om kort sinne te skryf.
2. Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en ’n punt aan die einde kry.
3. Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

Die woud is baie oud.

Jy kan nie brei met klei nie.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor iemand wat jy vertrou.

**OPDRAG:** Teken 'n prent en skryf 'n sin daarby. Met die gebruik van naamwoorde en voornaamwoorde (EK, jy, hy, sy)

**SKRYFRAAMWERK:**

Ek vertrou...

Ek vetrou hom/haar want...

#### DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag 'n sin by Maandag se skryfwerk gaan voeg.
2 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor die persoon wie hulle vetrou gaan skryf.
3 Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
4 D**emonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
5 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, b.v.: Ek vertrou my broer want I kan enigiets vir hom vertel en hy sal my nie veroordeel nie. Hy bewaar my geheime.
6 D**emonstreer** deur goed by jou prent by te voeg, soos: 'n prent van jouself en jou broer wat gesels en lag.
7 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Ek vertrou hom want hy veroordeel my nie.
8 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Hou 'n dinkskrum met die leerders oor woorde wat verband hou met vertroue
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv: bewaar geheime, veroordeel nie, lag nie, ens.
3 Vra aan leerders: Hoekom vertrou jy die persoon wat jy gekies het?
4 Sê aan die leerders **om te dink voordat hulle skryf.**
5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel waarom hulle die persoon wat hulle gekies het vertrou.
6 Hulle moet sê: Ek vertrou hom / haar want...
7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!


## SKRYFWERK

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3. Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4. Help leerders om ’n sin te skryf.
5. Moedig leerders aan.

## DRAAI EN PRAAT

1. Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2. Gee die leerders instruksie om te **draai en** met ’n maat **te praat** oor hul tekeninge.


*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek vertrou my suster.



Ek vertrou haar omdat sy my help en na my kyk.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: Segmentasie En Vermenging

15 minute

### EK DOEN…

1 Gebruik 2 woorde wat dieselfde klink: **muur; duur**
2 Sê die woord: **muur**
3 Breek die woord in individuele klanke: **/m/-/uu/-/r/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/m/**
5 Sê die middelste klank van die woord: **/uu/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/r/**
7 Skryf nou die woord op die swartbord: **muur**
8 Wys elke klank, sê dit, en verbind die klanke om n woord te vorm: **/m/-/uu/-/r/** = **muur**
9 Herhaal dit met die volgende woord: **duur**

### ONS DOEN…

1 Gebruik 2 ander woorde wat dieselfde klink, byvoorbeeld: **sien; sein**
2 Sê die woord: **sien**
3 Vra 'n maat: Wat is die eerste klank van die woord? **/s/**
4 Vra 'n maat: Wat is die middelste klank van die woord? **/ie/**
5 Vra 'n maat: Wat is die laaste klank van die woord? **/n/**
6 Vra 'n maat om die woord op te breek in individuele klanke: **/s/-/ie/-/n/**
7 Skryf die woord: **sien**
8 Sê die leerders moet die klanke in die woord saam met jou bou: **/s/-/ie/-/n/** = **sien**
9 Herhaal dit met die volgende woord: **sein**

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Herhaalde Lees


**LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Lesego voel ongemaklik<br>Lesego sit angstig op haar bed. Haar ma het haar gesê dat oom Tumelo Sondag kom vir middagete. Lesego hou nie daarvan wanneer oom Tumelo kom kuier nie. Sy hou nie van die manier waarop hy haar druk nie. Sy hou nie van die manier waarop hy haar op haar lippe soen nie. | Lesego moet **besluit** of haar gevoel oor oom Tumelo reg of verkeerd is. |
| Mapule, Lesego se ouer suster, kom die kamer binne.<br>"Wat is verkeerd Lesego?" vra sy.<br>"Niks," jok Lesego.<br>Mapule gaan sit langs haar. "Ek kan sien iets is verkeerd!" sê sy. "Vertel my!" | Lesego moet **besluit** of sy haar suster gaan vertel hoe sy voel en of sy dit 'n geheim gaan hou! |
| "Nee! Sy gaan kwaad wees vir ons as ons nare goed oor haar broer sê. Ek wil haar nie kwaad maak nie!" huil Lesego.<br>"Ek weet dit maak mens bang, maar miskien is dit die moeite werd! Miskien kan sy ons beter laat voel. Indien nie, vertel ons haar ten minste saam," sê Mapule, terwyl sy Lesego se hand vashou. | Mapule **besluit** dat hulle gevoelens belangrik is en dat hulle dit moet deel! |
| Mapule en Lesego kry hulle ma waar sy besig is om middagete te maak. "Mamma, ons moet met jou praat," sê Mapule braaf. Toe vertel Mapule hulle ma dat oom Tumelo hulle ongemaklik laat voel. | -- |
| Mamma neem 'n diep teug asem. Lesego dink sy is besig om reg te maak om te skree.<br>"Ek is bly julle sê my. Julle moet dit nooit geheim hou wanneer iemand julle ongemaklik laat voel nie. Dit is 'n belangrike gevoel wat jy nie moet ignoreer nie. Ek sal met hom praat."<br>"Mapule, ek wil nooit hê dat jy of Lesego ooit alleen saam met hom is nie," sê hulle ma ernstig. "Bly altyd bymekaar wanneer julle by oom Tumelo is." | Mapule se **besluit** was reg! Hulle gevoelens is ernstig en belangrik. |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Lesego en Mapule gaan buitentoe om te speel. Dan sien Lesego deur die kombuisvenster hoe haar ma op die telefoon praat. Lesego is bekommerd oor wat haar ma vir oom Tumelo gaan sê. Sy weet sy moenie luister nie, maar sy kan dit nie help nie. Sy hardloop en gaan sit onder die kombuisvenster. | -- |
| "Tumelo," sê haar ma in 'n ernstige stem, "die meisies voel ongemaklik wanneer mans, anders as hulle pa, hulle druk en soen. Respekteer asseblief hulle gevoelens – gee hulle net 'n 'high five' wanneer jy hulle groet." | Lesego se ma het hulle gevoelens baie ernstig opgeneem. Volgende keer, dink ek Lesego gaan **besef** dat haar gevoelens nie verkeerd is nie. |
| Toe oom Tumelo uiteindelik deur die deur loop, het hy nie probeer om die meisies te druk of te soen nie. Hy het net gesê, "Môre, Mapule en Lesego," en vriendelik vir hulle gewaai. | -- |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat laat Lesego ongemaklik voel? | Die manier waarop oom Tumelo haar druk en soen, |
| Hoekom het Lesego onder die kombuisvenster gaan sit? | Sodat sy haar ma op die telefoon kon hoor praat.<br>Sodat sy kon hoor wat haar ma vir oom Tumelo sê. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom wou Lesego nie vir iemand van haar gevoelens vertel nie? | • Omdat sy nie seker was of haar gevoelens verkeerd was nie.<br>• Omdat sy bang was om haar ma kwaad te maak. |

WEEK 9



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- veroordeel
- glo
- geheim

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Vitamiene, minerale en proteïene | *Tel die drie goed op jou vingers af* |
| Dit alles maak my groot en sterk | *Maak spiere* |
| En laat my lyfie lekker werk | *Maak spiere* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie…
Die storie leer my dat…
Die storie kan met die tema *Hou ons liggame gesond en veilig* verbind word want…
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Teken die table op die bord en sluit al die klanke in wat ons hierdie termyn geleer het.

| | | |
|---|---|---|
| **uu** | **oe** | **ie** |
| **a** | **s** | **u** |
| **bl** | **sl** | **tw** |
| **m** | **e** | **r** |
| **ui** | **ou** | **eu** |
| **o** | **p** | **i** |
| **br** | **sn** | **aai** |

**DEMONSTREER**

1. Hersien al die klanke wat op die swartbord is.
2. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as moontlik te bou met die klanke op die swartbord.

**LEERDERS DOEN**


1. Leerders maak hulle skrifte oop.
2. Sê dat hulle kan begin skryf.
3. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as moontlik te bou met die klanke op die swartbord.
4. Laat die leerders hulle eie werk merk.
5. Vra nou die leerders om hulle woorde te deel met die klas en dit op die swartbord te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________




## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: VISUALISEER**

**ILLUSTREER DIE STORIE**

1. Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke uit of ’n skoon vel papier. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê
2. D**emonstreer** hoe jy iets uit die teks **visualiseer en teken,** bv.: Ek onthou dat Lesego angstig gevoel het.
3. Teken ’n prent op die swartbord van Lesego wat angstig lyk.
4. Verduidelik aan die leerders dat hulle iets wat in die teks gebeur het **visualiseer.**
5. Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
6. Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees van wat volgende gaan gebeur te teken.
7. Gee die leerders instruksie **om te draai en met ’n maat te praat** oor hul tekeninge.



## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9.**
2. Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 1

## TERMYN 3

# Week 10

# TEMA:

## Hou ons liggame gesond en veilig

## Voorbereiding Van Klaskamer:

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: prente van verskillende oefeninge wat kinders kan doen om hulle gesond te hou.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor hoe ons, ons liggame gesond en veilig kan hou.
6. Maak seker dal alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou groepbegeleide lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 46, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 47, Pret

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 48, Ons lees & Bladsy 49, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van iemand wat jou help om gesond en veilig te bly.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan leerders 'n prent van Hulisani in die Grootboek storie, Hulisani bly veilig, wat haar hande was.
2 Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Hou ons liggame gesond en veilig
3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a Hoe is gesondheid en veiligheid dieselfde?
   b Hoe is gesondheid en veiligheid verskillend?
   c Kan jy gesond maar onveilig wees?
   d Kan veilig maar ongesond wees?

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - virus
   - versprei
   - kiem

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Vitamiene, minerale en proteïene | *Tel die drie goed op jou vingers af* |
| Dit alles maak my groot en sterk | *Maak spiere* |
| En laat my lyfie lekker werk | *Maak spiere* |

## Handskrif

15 minute

1 Vra leerders om hul skrifte oop te maak.
2 Sê die volgende klanke en woorde sodat die leerders dit kan neerskryf.
   a **snaaks**
   b **braai**
   c **twis**
   d **slak**

- **e** **blik**
- **f** **gooi**
- **g** **roei**
- **h** **saai**
- **i** **geur**
- **j** **muis**

3 Vra leerders om 'n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te merk.
4 Skryf die klanke en woorde duidelik op die swartbord.
5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Hulsani bly veilig
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor iets wat jy doen om jou liggaam gesond te hou

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n sin daarby. Dit sal deel vorm van 'n klasboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:** Ek....om gesond te bly.

### DEMONSTRASIE

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag oor iets wat hulle doen om gesond te bly gaan skryf.
2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek doen baie goed om gesond te bly. Ek oefen. Ek eet proteïene en groente en ek was my hande. Ek dink ek gaan oor oefen om fiks te bly skryf.
4 **Demonstreer** deur ’n prent van jouself wat hardloop of gewigte op tel te teken.
5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek ’n lyn vir elke woord**, bv.: Ek oefen om gesond te bly.
6 Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat die leerders hul eie idees moet neerskryf.

### MONDELINGE INSTRUKSIES

1 Hou ’n dinkskrum met die leerders oor gesonde leefwyses.
2 Skryf die woorde op die swartbord, bv: gesonde dieet, groente, vrugte, hardloop, hande was, masker dra, bad, ens
3 Vra aan leerders: Wat doen jy om gesond te bly?
4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel wat hulle doen om gesond te bly
6 Hulle moet sê: Ek...om gesond te bly.
7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!


### SKRYFWERK

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Help leerders om ’n sin te skryf.
5 Moedig leerders aan.

### DRAAI EN PRAAT

1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2 Gee die leerders instruksie om **te draai** en met ’n maat **te praat** oor hul tekeninge.
3 **Verduidelik dat ons Woensdag meer inligting by ons skrywerk gaan voeg.**

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek speel sokker om gesond te bly.

## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10** het.
2. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderingee wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersiening van klanke en woorde

**HERSIEN KLANKE**

1. Sê die klank en hou die flitskaarte op van al die klanke wat in die termyn gedek is: **/uu/ /oe/ /ie/ /ui/ /ou/ /eu/ /ei/ /aai/ /ooi/ /oei/ /eeu/ /bl/ /sl/ /tw/ /br/ /sn/**
2. Wys die flitskaarte in verskillende volgorde en vra individuele leerders om die klanke te lees.
3. Plaas die klankekaarte op die swartbord.
4. Vra verskillende leerders om woorde op die swartbord te kom bou met die klankkaarte.
5. Vra dan die leerders om so veel as moontlik woorde te bou en in hulle skrifte te skryf.

## Handskrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

1. Wys die leerders op die swartbord hoe om kort sinne te skryf.
2. Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en 'n punt aan die einde kry.
3. Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

Die brak sit onder die brug.

Die slak se lyf is slap.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute


### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Hulisani bly veilig<br>“Dit is tyd om bed toe te gaan!” sê Hulisani se pa, hy skakel die televisie af. | -- |
| Hulisani kan nie aan die slaap raak nie. ’n Nuwe virus is besig om deur die hele wêreld te versprei. Sy weet dat virusse mense siek maak. Soms kan virusse mense selfs doodmaak. Hulisani verbeel haar hoe kieme op haar lyf sit en haar siek maak. | Ek kan **aflei** dat Hulisani bang voel, want sy kan nie slaap nie! |
| “Ek kan nie skool toe gaan nie!” sê Hulisani die oggend vir haar pa. “Daar is ’n virus wat regoor die wêreld versprei. Ek wil nie siek word nie!” sê sy deur haar trane. | Ek kan **aflei** dat Hulisani nie wil skool toe gaan nie, want sy is bang sy sal daar siek word. |
| “Huli, daar is ’n virus wat versprei, maar ons hoef nie paniekerig te raak nie. Ons kan meer leer oor hoe om onsself veilig te hou,” sê haar pa. Hy haal sy selfoon uit en tik. “Kom ons doen navorsing.” | Ek kan **aflei** dat Hulisani nie weet wat om te doen om veilig en gesond te bly nie. Dit moet haar bang maak. |
| “Nou goed, die eerste belangrike ding is om nie aan ander mense te raak nie,” sê haar pa. “Vir eers moet jy probeer om nie jou vriende drukkies te gee of hulle hande vas te hou nie.”<br>“Goed so,” sê Hulisani, “maar wat moet ek in die klas doen? Ek sit reg langs die ander kinders.”<br>“Wel daar is ander goed wat jy kan doen om veilig te bly,” verduidelik Hulisani se pa. “Jy moet so gereeld moontlik jou hande was.”<br>Hulisani loop na die wasbak en hou haar hande onder die straal water. “Daarsy!” sê sy.<br>Haar pa lag. “Huli, daardie is nie die tipe handewas wat kieme doodmaak nie,” sê hy en wink vir haar om terug te kom wasbak toe. “Jy moet seep gebruik en elke deel van jou hande vryf om die kieme af te was,” verduidelik hy terwyl hy ’n koekie seep in haar hande sit. “Jy kan ’n liedjie sing of tot 20 tel terwyl jy vryf, sodat jy onthou om vir lank genoeg te was!” | Ek kan **aflei** dat Hulisani nie altyd haar hande behoorlik was nie, want sy het nie die eerste maal die seep gebruik nie! Ek dink dit gaan haar help om hierdie navorsing saam met haar pa te doen! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Nadat hulle hande behoorlik gewas is, kyk Hulisani se pa weer na sy selfoon.<br><br>"Die volgende manier om veilig te bly is om te vermy om aan jou gesig te raak," sê hy vir haar," want kieme kan in jou lyf ingaan deur jou oë, neus en mond."<br><br>Op daardie presiese oomblik, jeuk Hulisani se neus. Sy tel haar hand op om dit te krap, maar stop dan. "Wat as ek jeuk?" sê sy bekommerd. "Wel, jy kan jou hande was voor jy krap! Of gebruik 'n sneesdoekie," sê hy en geen vir haar een. | Ek kan **aflei** dat Hulisani gewoonlik aan haar gesig raak sonder om daaroor te dink. Ek dink dit is baie goed om navorsing te doen oor hoe om gesond en veilig te bly. |
| "Nog iets wat jy moet onthou is om wanneer jy hoes of nies, jy jou elmboog gebruik en nie jou hande nie!" sê hy en demonstreer. Hulisani oefen om in haar elmboog te hoes. | -- |
| By die skool sukkel Hulisani om te konsentreer. Sy merk op hoe Mashudu in die lug in nies. Sy sien hoe Princess haar vingers byt. Die hele dag stel Hulisani haarself voor hoe kieme op haar lyf sit en haar siek maak. | Hulisani weet hoe om haarself te beskerm, maar ek kan **aflei** dat haar vriende by die skool nie dieselfde navorsing gedoen het nie. |
| Aan die einde van die dag gaan sy na haar juffrou, mev. Khoza.<br><br>"Juffrou, weet jy dat daar 'n virus is wat regoor die wêreld versprei?" vra Hulisani. "My pa het my geleer hoe om veilig te bly, deur nie aan iemand te raak nie, deur my hande te was, deur nie aan my gesig te raak nie en deur in my elmboog te hoes," verduidelik Hulisani. "Ek dink nie my klasmaats weet dit nie! Miskien moet jy hulle vertel?" | Ek kan **aflei** dat Hulisani wil hê haar vriende moet weet hoe om gesond en veilig te bly, net soos sy. |
| "Ek het 'n beter idee," sê mev. Khoza glimlaggend. "Môre oggend, kan jy almal leer hoe om veilig te bly. Wat dink jy?" | -- |
| Daardie middag, hardloop Hulisani na haar pa toe. "Raai wat? Mev. Khoza het my gevra om môre die ander kinders te leer hoe om veilig te bly!"<br><br>"Dit is wonderlik!" sê haar pa, "ek het die perfekte ding vir jou om te dra!"<br><br>Hulisani se pa haal 'n masker uit sy sak. "Ek het dit vandag vir jou gekry. Deur 'n masker te dra sal jou ekstra veilig van kieme af hou," sê hy. | Ek kan **aflei** dat om 'n masker te dra gaan Hulisani help om selfs veiliger te voel en help om haar gesond te hou. |
| "Hulisani se pa help haar om die masker aan te sit. Sy voel gereed om haar klas te leer hoe om veilig te bly. | |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| --- | --- |
| Hoe het Hulisani gevoel om skool toe te gaan? | Sy was bang om skool toe te gaan. |
| Hoe sal jy voel as jy hoor van ’n virus wat oor die wêreld versprei? | Ek sal voel … |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Hulisani bang gevoel? | • Omdat sy gehoor het daar was ’n virus wat versprei.<br>• Omdat sy bang was sy word siek.<br>• Omdat sy nie geweet het hoe om veilig te bly nie.<br>• Omdat haar klasmaats nie gesond en veilig gebly het. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- paniek
- informasie
- navorsing

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Vitamiene, minerale en proteïene | *Tel die drie goed op jou vingers af* |
| Dit alles maak my groot en sterk | *Maak spiere* |
| En laat my lyfie lekker werk | *Maak spiere* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 2 VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elk ’n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan ’n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan die leerders ’n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep ’n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.





WEEK 10

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersiening van klanke en woorde

**HERSIEN WOORDE**

1 Jy moet jou klankkaarte gereed hê vir hierdie les..
2 Vertoon elke woord apart en vra verskillende leerders om dit te lees.
3 As leerders nie ’n woord kan lees nie, help hulle om die woord te klank.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

1 Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die swartbord.
2 Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en ’n punt aan die einde kry.
3 Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

Sy het n mooi rooi rok aan.

Jy kan nie brei met klei nie.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor iets wat jy doen om jou liggaam gesond te hou.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n sin daarby. Dit sal deel vorm van 'n klasboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:**

Ek....om gesond te bly.

...laat my...voel

#### DEMONSTRASIE

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag 'n sin by Maandag se skryfwerk gaan **voeg.**
2. Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag gaan skryf hoe hulle voel as hulle iets doen om gesond te bly.
3. Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
4. **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
5. Verduidelik aan die leerders die idee vir jou skryfwerk, bv.: Ek voel goed as ek oefen. Ek voel sterk. Ek voel gelukkig want ek weet ek doen iets goed vir my liggaam.
6. **Demonstreer** deur goed by jou prent by te voeg, soos: jouself wat gelukkig lyk en 'n spraakborrel wat sê "ek voel goed!"
7. Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Oefen laat my sterk en gelukkig voel.
8. Vee jou voorbeeld van die swartbord af. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### MONDELINGE INSTRUKSIES

1. Hou 'n dinkskrum met leerders oor gevoelswoorde
2. Skryf die woorde op die swartbord, bv: gelukkig, sterk, trots, ens
3. Vra aan leerders: Hoe voel jy as jy iets doen wat gesond is?
4. Sê aan die leerders **om te dink voordat hulle skryf.**
5. Vra 2–3 leerders om jou te vertel hoe hulle voel as hulle iets doen wat gesond is.
6. Hulle moet sê: ...laat my...voel
7. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie idees gaan teken en neerskryf!


## SKRYFWERK

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
3. Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4. Help leerders om ’n sin te skryf.
5. Moedig leerders aan.


## DRAAI EN PRAAT

1. Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
2. Gee die leerders instruksie om te **draai en** met ’n maat **te praat** oor hul tekeninge.


*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek speel sokker om gesond te bly.



Sokker laat my fiks en gesond voel.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentasie En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Gebruik 2 woorde wat dieselfde klink: **snik; snip**
2 Sê die woord: **snik**
3 Breek die woord op in individuele klanke: **/sn/-/i/-/k/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/sn/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/i/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/k/**
7 Skryf nou die woord op die swartbord: **snik**
8 Wys elke klank, sê dit, en verbind die klanke om n woord te vorm: **/sn/-/i/-/k/ = snik**
9 Herhaal dit met die volgende woord: **snip**

**ONS DOEN...**

1 Gebruik 2 ander woorde wat dieselfde klink, byvoorbeeld: **deur; geur**
2 Sê die woord: **deur**
3 Vra ’n maat: Wat is die eerste klank van die woord? **/d/**
4 Vra ’n maat: Wat is die middelste klank van die woord? **/eu/**
5 Vra ’n maat: Wat is die laaste klank van die woord? **/r/**
6 Vra ’n maat om die woord op te breek in individuele klanke: **/d/-/eu/-/r/**
7 Skryf die woord: **deur**
8 Sê die leerders moet die klanke in die woord saam met jou bou: **/d/-/eu/-/r/ = deur**
9 Herhaal dit met die volgende woord: **geur**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeelde Lees: 15 minute


## Herhaalde Lees

**LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Hulisani bly veilig<br>"Dit is tyd om bed toe te gaan!" sê Hulisani se pa, hy skakel die televisie af. | -- |
| Hulisani kan nie aan die slaap raak nie. 'n Nuwe virus is besig om deur die hele wêreld te versprei. Sy weet dat virusse mense siek maak. Soms kan virusse mense selfs doodmaak. Hulisani verbeel haar hoe kieme op haar lyf sit en haar siek maak. | Ek kan **aflei** dat Hulisani 'n bietjie van virusse weet, maar sy het nie al die inligting nie. Miskien voel sy bang, want sy weet nie genoeg van die nuwe virus nie. |
| "Ek kan nie skool toe gaan nie!" sê Hulisani die oggend vir haar pa. "Daar is 'n virus wat regoor die wêreld versprei. Ek wil nie siek word nie!" sê sy deur haar trane. | -- |
| "Huli, daar is 'n virus wat versprei, maar ons hoef nie paniekerig te raak nie. Ons kan meer leer oor hoe om onsself veilig te hou," sê haar pa. Hy haal sy selfoon uit en tik. "Kom ons doen navorsing." | Ek kan **aflei** dat meer inligting oor die virus Hulisani kan help om veiliger te voel. Ek dink dit is hoekom haar pa voorstel dat hulle navorsing moet doen. |
| "Nou goed, die eerste belangrike ding is om nie aan ander mense te raak nie," sê haar pa. "Vir eers moet jy probeer om nie jou vriende drukkies te gee of hulle hande vas te hou nie."<br>"Goed so," sê Hulisani, "maar wat moet ek in die klas doen? Ek sit reg langs die ander kinders."<br>"Wel daar is ander goed wat jy kan doen om veilig te bly," verduidelik Hulisani se pa. "Jy moet so gereeld moontlik jou hande was."<br>Hulisani loop na die wasbak en hou haar hande onder die straal water. "Daarsy!" sê sy.<br>Haar pa lag. "Huli, daardie is nie die tipe handewas wat kieme doodmaak nie," sê hy en wink vir haar om terug te kom wasbak toe. "Jy moet seep gebruik en elke deel van jou hande vryf om die kieme af te was," verduidelik hy terwyl hy 'n koekie seep in haar hande sit. "Jy kan 'n liedjie sing of tot 20 tel terwyl jy vryf, sodat jy onthou om vir lank genoeg te was!" | Ek kan **aflei** dat Hulisani besig is om 'n belangrike inligting te kry oor hoe sy haarself gesond en veilig kan hou. Ek dink dit is belangrik om hierdie feite te hê! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
| --- | --- |
| Nadat hulle hande behoorlik gewas is, kyk Hulisani se pa weer na sy selfoon.<br>"Die volgende manier om veilig te bly is om te vermy om aan jou gesig te raak," sê hy vir haar," want kieme kan in jou lyf ingaan deur jou oë, neus en mond."<br>Op daardie presiese oomblik, jeuk Hulisani se neus. Sy tel haar hand op om dit te krap, maar stop dan. "Wat as ek jeuk?" sê sy bekommerd. "Wel, jy kan jou hande was voor jy krap! Of gebruik 'n sneesdoekie," sê hy en geen vir haar een. | Ek kan **aflei** dat om navorsing saam met haar pa te doen belangrik is, want nou kry Hulisani 'n kans om al haar vrae te vra. Ek dink om die antwoorde te hê moet haar help om gesond en veilig te laat voel. |
| "Nog iets wat jy moet onthou is om wanneer jy hoes of nies, jy jou elmboog gebruik en nie jou hande nie!" sê hy en demonstreer. Hulisani oefen om in haar elmboog te hoes. | Ek dink dit moet Hulisani minder bang maak om te weet en al die dinge te oefen wat sy kan doen om veilig te bly. |
| By die skool sukkel Hulisani om te konsentreer. Sy merk op hoe Mashudu in die lug in nies. Sy sien hoe Princess haar vingers byt. Die hele dag stel Hulisani haarself voor hoe kieme op haar lyf sit en haar siek maak. | Hulisani moet kan **aflei** dat haar klasmaats nie dieselfde inligting, oor hoe om veilig te bly, as sy het nie. Ek dink dit moet haar bang maak. |
| Aan die einde van die dag gaan sy na haar juffrou, mev. Khoza.<br>"Juffrou, weet jy dat daar 'n virus is wat regoor die wêreld versprei?" vra Hulisani. "My pa het my geleer hoe om veilig te bly, deur nie aan iemand te raak nie, deur my hande te was, deur nie aan my gesig te raak nie en deur in my elmboog te hoes," verduidelik Hulisani. "Ek dink nie my klasmaats weet dit nie! Miskien moet jy hulle vertel?" | Ek kan **aflei** dat dit Hulisani bang maak dat haar vriende nie weet wat om te doen nie. Ek dink sy wil hê haar juffrou moet seker maak dat al die leerders in die klas weet hoe om gesond en veilig te bly. |
| "Ek het 'n beter idee," sê mev. Khoza glimlaggend. "Môre oggend, kan jy almal leer hoe om veilig te bly. Wat dink jy?" | Ek kan **aflei** dat Hulisani veiliger gaan voel as haar vriende ook weet hoe om veilig te bly. Ek dink dit sal Hulisani beter laat voel as sy al die nuwe inligting wat sy het kan deel! |
| Daardie middag, hardloop Hulisani na haar pa toe. "Raai wat? Mev. Khoza het my gevra om môre die ander kinders te leer hoe om veilig te bly!"<br>"Dit is wonderlik!" sê haar pa, "ek het die perfekte ding vir jou om te dra!" | -- |
| Hulisani se pa haal 'n masker uit sy sak. "Ek het dit vandag vir jou gekry. Deur 'n masker te dra sal jou ekstra veilig van kieme af hou," sê hy.<br>"Hulisani se pa help haar om die masker aan te sit. Sy voel gereed om haar klas te leer hoe om veilig te bly. | |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Hoe het Hulisani geleer om gesond en veilig te bly? | Sy en haar pa het sy selfoon (die internet) gebruik om navorsing te doen oor hoe om veilig en gesond te bly. |
| Waar kan jy aflei het Hulisani van die virus gehoor? | Ek kan **aflei** dat sy op die televisie van die virus gehoor het. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom dink jy het Hulisani aan die einde van die dag met haar juffrou gepraat? | • Omdat sy wou seker maak haar juffrou weet van die virus.<br>• Omdat sy sien hoe die ander leerders dinge doen wat nie gesond of veilig is nie.<br>• Omdat sy die inligting wat sy geleer het oor hoe om gesond en veilig te bly met mev. Khoza wil deel.<br>• Omdat sy wil seker maak dat die ander leerders in die klas ook leer hoe om gesond en veilig te bly, net soos sy. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- vryf
- masker
- demonstreer

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Vitamiene, minerale en proteïene | *Tel die drie goed op jou vingers af* |
| Dit alles maak my groot en sterk | *Maak spiere* |
| En laat my lyfie lekker werk | *Maak spiere* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
Die storie is…
Die storie leer my dat…
Die storie kan met die tema *Hou ons liggame gesond en veilig* verbind word want…
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit al die klanke in wat ons hierdie termyn geleer het.

| | | |
|---|---|---|
| **uu** | **oe** | **ie** |
| **a** | **s** | **u** |
| **bl** | **sl** | **tw** |
| **m** | **e** | **r** |
| **ui** | **ou** | **eu** |
| **o** | **p** | **i** |
| **br** | **sn** | **aai** |

**DEMONSTREER**

1. Hersien al die klanke wat op die swartbord is.
2. Gee die leerders 3 minute om so veel woorde as moontlik te bou met die klanke op die swartbord.

**LEERDERS DOEN**

1. Leerders maak hulle skrifte oop.
2. Sê dat hulle kan begin skryf.
3. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.
4. Laat die leerders hulle eie werk merk.
5. Vra nou die leerders om hulle woorde te deel met die klas en dit op die swartbord te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: OPSOMMING / MAAK AFLEIDINGS**

**ILLUSTREER DIE STORIE**

1. Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke uit of 'n skoon vel papier. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê
2. **Verduidelik** hoe jy 'n afleiding kan maak en 'n prent teken**,** oor wat volgende gaan gebeur as die storie sou aan gaan.
3. **Demonstreer** hoe jy 'n afleiding maak oor wat dalk volgende kan gebeur, bv.: Ek dink dat Hulisani se maats maskers, soos hare, die volgende dag sal wil dra.
4. Teken 'n prent op die swartbord van Hulisani se maat wat haar masker uitwys. Teken 'n spraakborrel wat sê "ek soek een!"
5. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou 'n afleiding gaan maak oor wat volgende in die storie kan gebeur.
6. Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
7. Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees van wat volgende gaan gebeur te teken.
8. Gee die leerders instruksie **om te draai en met 'n maat te praat** oor hul tekeninge.

## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10.**
2. Verduidelik Vrydag Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik Vrydag Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a. **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b. **Watter stories het ons saam gelees?**
   c. **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d. **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e. **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f. **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g. **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h. **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*